AGENDA VAN
DIE SPESIALE SINODEVERGADERING
VAN NATAL OP 8 NOVEMBER 2002 OM 09:00
IN DIE SINODESAAL TE PIETERMARITZBURG

1. Verwelkoming

2. Konstituering

3. Opening

4. Verslag: Moderamen Dagbestuur

5. Verslag: Tydelike Kommissie vir Laat Registrasie

6. Verslag: Begeleidingspan

7. Ringe vergader

8. Verslae: Tydelike Kommissies

9. Afsluitingsliturgie

VERSLAG VAN DIE MODERAMEN DAGBESTUUR AAN DIE SINODEVERGADERING VAN 8 NOVEMBER 2002

1. OPDRAG

1.1 Die Spesiale Sinode van 15 tot 17 Oktober 2001 het besluit dat 'n Begeleidingspan 'n volledige implementeringsplan vir herstrukturering moet uitwerk en *"aan 'n spesiale eendagsinode in 2002 voor te lê vir implementering voor die sinodesitting van 2003."* (Notule 2001, bl 13, punt 4.8.7.1.1.1).

1.2 Die Moderamen het die datum vir die Spesiale Sinode vasgestel op Vrydag 8 November 2002 te Pietermaritzburg.

1.3 Die Moderamen het die staande opdrag om sinodevergaderings te reël (vgl punt 11.3.1.14 op bladsy 115 van die Kerkordeboek 1999: *"Die Moderamen stel hom ten doel: om die nodige reëlings vir vergaderings van die Sinode te tref"*).

1.4 Die Moderamen het bogenoemde opdrag aan sy Dagbestuur gedelegeer. Die Dagbestuur van die Moderamen lewer hiermee verslag van die reëlings wat getref is vir die spesiale Sinodevergadering van 8 November 2002.

2. PLEK EN DATUM

2.1 Die Sinodevergadering word gehou op Vrydag 8 November 2002 vanaf 08:00 tot 18:00 in die Sinodesaal te Pietermaritzburg.

3. AFGEVAARDIGDES EN GELOOFSBRIEWE

3.1 Die geloofsbriewe van die 1999 en 2001 Sinodes dien as geloofsbriewe vir die Spesiale Sinode van 2002. Waar 'n gemeente se afvaardiging egter verander, moet 'n nuwe geloofsbrief (oorspronklike dokument) die skriba bereik voor 16 Oktober 2002. Die adres is: Die Skriba, Posbus 649, Pietermaritzburg, 3200. Alternatiewelik kan die geloofsbrief per hand by die Sinodale Kantoor in Pietermaritzburg afgelewer word of gefaks word aan 033-345 2295 (die oorspronklike moet in hierdie geval per hand voor 08:30 aan die Regskommissie in die Komiteekamer (G3) oorhandig word).

4. BRING SAAM

4.1 Bybel
4.2 Agenda
4.3 Entoesiasme en toewyding

5. AANKOMS EN REGISTRASIE

5.1 Registrasie vind plaas vanaf 08:00 tot 08:45 in die portaal van die Sinodale Sentrum.

5.2 Dis baie belangrik dat alle afgevaardigdes voor 08:45 by die onderskeie ringvoorsitters/skribas aanmeld vir registrasie met die oog op 'n vinnige konstitueringsproses.

5.3 Ringvoorsitters en skribas moet om 07:55 by die registrasiepunte aanmeld om te help met die registrasie. Die Registrasieproses vind onder leiding van ds PJ Raath plaas.

5.4 Die Sinodale Regskommissie vergader om 08:15 in G3 om die geloofsbriewe na te gaan met die oog op 'n vinnige konstitueringsproses. Met konsituering word slegs uitsonderings

hanteer en die volledige presensielys word in die notule opgeneem.

5.5 Persone wat na 08:45 aanmeld, sal in die begin nie stemreg hê nie. Hulle moet aanmeld by die Tydelike Kommissie vir Laat Registrasie.

6. SITPLEKAANWYSING

6.1 Met registrasie sal elke afgevaardigde 'n sitpleknommer ontvang. Sit asseblief op die aangewese sitplek. Sitplekke is per gemeente volgens die ouderdom van die gemeente.

7. BESLUITNEMINGSPROSEDURE

7.1 Die agenda bevat aanbevelings (in vet letters gedruk en omraam met dubbellyne) wat as voorstelle behandel en indien nodig gedebatteer sal word. Voorstelle of amendamente moet skriftelik op die amptelike vorm by die Tydelike Kommissie vir Besluitnemingsaksies ingedien word, verkieslik voordat die betrokke punt behandel word. Die Kommissie sal die voorstel/amendament numereer, dupliseer en op die rekenaar intik om op die skerm te vertoon wanneer die betrokke punt behandel word.

7.2 Elke afgevaardigde sal voorsien word met 'n rooi, wit en groen kaart. Wanneer tot stemming oorgegaan word, steek almal tegelyk of 'n rooi kaart of 'n wit kaart of 'n groen kaart op. Rooi beteken "ek stem **teen** die voorstel", wit "ek bly **buite** stemming" en groen "ek stem **vir** die voorstel".

7.3 Die Tydelike Kommissie vir Besluitnemingsaksies tree ook op as stemtellers indien nodig.

8. ETES EN VERVERSINGS

8.1 Etes en verversings word voorsien by die Sinodale Sentrum. Die Vrouediens van die Ring van Pietermaritzburg is versoek om die etes en verversings te voorsien.

8.2 Met aankoms sal daar eetgoed saam met tee/koffie beskikbaar wees.

8.3 'n Volledige middagete word voorsien.

8.4 Na afsluiting sal padkos beskikbaar gestel word vir diegene wat ver moet reis.

9. VERBLYF

9.1 Aangesien dit 'n eendagsinodevergadering is, word geen verblyf verskaf nie.

9.2 Indien daar egter persone is wat die nag voor die Sinodevergadering of daarna wil oorslaap, kan verblyf by privaatpersone gereël word. Kontak Carol by die Sinodale Kantoor (tel 033-345 2276) voor 25 Oktober en bevestig u bespreking skriftelik.

9.3 Persone wat hulle eie verblyf wil reël is welkom om dit te doen.

9.4 'n Bedrag van R50 per nag word betaal aan persone wat moet oorslaap. Eise moet saam met reiskoste eise ingedien word.

10. REISKOSTE

10.1 Eisvorms sal in die lêers voorsien word. Daar kan teen 85c per kilometer geëis word plus 20c per persoon wat saamry plus werklike tolgeld. Kerkraadslede word versoek om saam met hulle leraar te reis. Reël asseblief onderling om sover moontlik saam te ry.

11. DAGGELDE

11.1 Geen daggelde word betaal nie aangesien alle onkostes betaal word.

12. UITSTALLINGS EN UITDEELSTUKKE

12.1 Geen uitstallings, boeke, pamflette, artikels, ware en enige ander items mag op enige plek in die Sinodale Sentrum beskikbaar gestel of verhandel word sonder die vooraf goedkeuring deur die Moderatuur nie.

13. SITTINGSTYE

13.1		**Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende sittingstye goed:**
13.1.1	**08:00 – 08:45**	**Aankoms, registrasie en verversings**
13.1.2	**08:15**	**SRK vergader in G3 om geloofsbriewe na te gaan met die oog op konstituering**
13.1.3	**08:30**	**Tydelike Kommissie vir Besluitnemingsaksies vergader voor in Sinodesaal vir voorligting**
13.1.4	**08:45**	**Registrasie eindig. Persone wat later aankom kan aanvanklik nie stem nie**
13.1.5	**09:00**	**Verwelkoming**
13.1.6	**09:05**	**Konstituering**
13.1.7	**09:15**	**Opening en toewyding**
13.1.8	**10:00**	**Verslag van Moderamen Dagbestuur**
13.1.9	**10:15**	**Verslag van Tydelike Kommissie vir Laat Registrasie**
13.1.10	**10:20**	**Verslag van Begeleidingspan (1)**
13.1.11	**11:00**	**Tee/koffie**
13.1.12	**11:20**	**Verslag van Begeleidingspan (2)**
13.1.13	**13:00**	**Middagete**
13.1.14	**13:30**	**Tydelike Kommissies vergader**
13.1.15	**14:00**	**Liturgie**
13.1.16	**14:15**	**Verslag van Begeleidingspan (3)**
13.1.17	**16:00**	**Tee/koffie**
13.1.18	**16:20**	**Ringe vergader vir aanwys van kommissielede en verteenwoordigers**
13.1.19	**17:00**	**Verslag van Tydelike Kommissie vir Kommissies**
13.1.20	**17:20**	**Afsluitingsliturgie**
13.1.21	**17:45**	**Sinodevergadering verdaag.**
13.1.22	**17:45**	**Permanente kommissies konstitueer en wys verteenwoordigers aan**

14. TYDELIKE KOMMISSIES

14.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende tydelike kommissies goed:

14.1.1 Liturgiese span: Di LW Meyer (sameroeper), GJ van Jaarsveld en F van Niekerk.

14.1.2 Tydelike Kommissie vir Laat Registrasie: Ds FJ van der Merwe (sameroeper) en dr H Theunissen.

14.1.3 Tydelike Kommissie vir verlof en aankondiginge: Di PJ Raath (sameroeper) en PJ Meyer.

14.1.4 Tydelike Kommissie vir Kommissies: Di FJ Klopper (sameroeper), PJ Meyer , L van der Walt, JH Wildenboer, JJ Jordaan, JG de Wet, AD Gerber, J Vosloo, BJ van Dyk, PF de Jager, drr H Theunissen en RB van Aarde (vergader om 08:00 op 8 November 2002 in G4).

14.1.5 Tydelike Kommissie vir Besluitnemingsaksies: Drr ZRA Strydom (sameroeper), RB van Aarde, di AH Verhoef, JvN Genis, PA Swanepoel, T Naudé, JS van der Walt, FA

Meyer en JG Schuler (vergader om 08:30 op 8 November 2002 voor in Sinodesaal).

14.1.6 Steunspan: Di BJ van Dyk (sameroeper), PF de Jager, JP Rheeder, dr RB van Aarde en kantoorpersoneel.

15. NOTULE

15.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die notule van die Vergadering op die volgende wyse hanteer word:

15.1.1 Die skriba/assistentskriba hou die notule tydens die Vergadering;

15.1.2 Die Steunspan vertoon die verslag op die skerm en bring veranderinge aan soos die Vergadering vorder;

15.1.3 Die Skriba en Saakgelastigde finaliseer die notule na die Vergadering;

15.1.4 Die Moderamen Dagbestuur keur die notule van die Vergadering finaal goed.

16. AANBEVELING

16.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die reëlings in punte 2-15 hierbo goed.

~~FINALE~~ VERSLAG VAN DIE BEGELEIDINGSPAN AAN DIE SPESIALE SINODEVERGADERING VAN NATAL OP 8 NOVEMBER 2002

1. OPDRAGTE

1.1 Die Sinodevergadering van 15-17 Oktober 2001 het die volgende besluite geneem:

4.8.7.1 Die Sinode wys 'n Begeleidingspan aan om:

4.8.7.1.1 aan die hand van Moontlikheid 3 (bladsy A26 van die Agenda), 'n volledige implementeringsplan vir herstrukturering uit te werk en aan 'n spesiale eendagsinodesitting in 2002 voor te lê vir implementering voor die sinodesitting van 2003;

4.8.7.1.2 alle implikasies vir herstrukturering te verreken;

4.8.7.1.3 metodes te ontwerp en te implementeer om dienslewering van die Sinode aan gemeentes 'n werklikheid te maak;

4.8.7.1.4 die implikasies van 'n jaarlikse of 'n tweejaarlikse sinodale vergadering te ondersoek;

4.8.7.1.5 gemeentes te begelei in 'n prinsipiële besinning oor die rol en funksionering van gemeentes, ringe en die sinode;

4.8.7.1.6.1 'n nuwe missie te formuleer. Hierdie 'missie' moet in die toekoms bekend staan as 'n 'roeping';

4.8.7.1.7 'n fasiliteerder te betrek;

4.8.7.1.7.4 ringe en gemeentes op deurlopende basis op hoogte te hou van vordering en geleenthede te skep vir respons.

4.8.7.2 Die Sinode wys die huidige Ontwerpspan aan as Begeleidingspan, met die reg tot koöpsie.

4.8.7.6.1 Die Sinode gee opdrag aan die Begeleidingskommissie om navorsing te doen oor die moontlikheid en implikasies van die betaling van predikantsalarisse vanuit 'n sentrale fonds deur die SKA geadministreer.

4.9.3.2 Die Sinode keur goed dat die inrigting van die sinodale vergadering:

4.9.3.2.1 'n geïntegreerde styl van kleingroepbesprekingstegnieke en debatvoering kan wees;

4.9.3.2.2 liturgies ingerig sal word;

4.9.3.2.3 stemming deur middel van kleurkaarte kan plaasvind; en

4.9.3.2.4 in die mees geskikte lokaal gehou word.

2. WERKSWYSE VAN BEGELEIDINGSPAN

2.1 Konstituering

Die oorspronklike Ontwerpspan is uitgebrei en die volgende lede het op die Begeleidingspan gedien: Di LW Meyer, PJ Raath, FJ Klopper, FJ van der Merwe, BJ van Dyk, PF de Jager, GJ van Jaarsveld, HJ van den Heever, F Steenkamp, TIJ de Wet, ML Human en RF Erasmus, drr RB van Aarde, H Theunissen, ZRA Strydom en LG Schoeman, mnre H van Dam en CE Thompson.

2.2 Fasiliteerder

Dr AT Smit is as fasiliteerder betrek. Hy het die Begeleidingspan tot 12 Junie 2002 gefasiliteer.

2.3 Werkswyse

2.3.1 Die Begeleidingspan het die volgende drie werkgroepe saamgestel:

2.3.1.1 Werkgroep 1 om aan die hand van moontlikheid 3 (sien Sinode agenda en notule) 'n scenario van die funksionering van die Sinode van Natal aan die Begeleidingspan voor te lê.

2.3.1.2 Werkgroep 2 om 'n prinsipiële studie te doen oor die roeping en funksionering van die NG Kerkverband binne KwaZulu-Natal (Bylae 1).

2.3.1.3 Werkgroep 3 om prinsipiële riglyne vir subsidiëring uit te werk (Bylae 2).

2.3.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering neem kennis van die prinsipiële studie oor die roeping en funksionering van die Sinodale kerkverband (Bylae 1).

2.3.3 Aanbeveling: Die Sinodevergadering neem kennis van die prinsipiële studie oor subsidies (Bylae 2).

2.4 Kerndrywers

2.4.1 Om sinvol en koersgebonde te kon werk het die Begeleidingspan die volgende kerndrywers geïdentifiseer:

- roeping;
- onderlinge ondersteuning;
- finansies;
- besluitneming;
- eienaarskap van gesamentlike werk;
- leierskap;
- bestuur;
- bediening;
- infrastruktuur.

2.5 Begripsomskrywing

2.5.1 Tydens die werksaamhede is ontdek dat begrippe in mekaar vloei en met mekaar verwar word. Ten einde dit te verhinder is begrippe duidelik omskryf.

2.5.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende begrippe goed:

2.5.2.1 Sinodale kerkverband: verwys na die vaste en blywende verhouding tussen al die NG Gemeentes in die betrokke gebied (in ons raamwerk dus KwaZulu-Natal).

2.5.2.2 Sinodevergadering: verwys na die vergadering (tradisioneel die sitting) van die gemeentes van die kerkverband by wyse van hulle afgevaardigdes.

2.5.2.3 Sinodale verhoudingsaksies: verwys na aksies waarop die Sinodevergadering besluit het om verhoudings binne die sinodale kerkverband te ondervang en te versterk.

2.5.2.4 Sinodale werksaamhede: verwys na die ooreengekome, gesamentlike aktiwiteite van die kerkverband wat voortvloei uit die sinodevergadering.

Onder sinodale werksaamhede sou die volgende kon ressorteer:

2.5.2.4.1 Sinodale kantoor: Personeel en werksaamheid in geheel gesien.

2.5.2.4.2 Sinodale amptenare: Enige werknemer wat deur besluit van die sinodevergadering permanent in diens geneem word om bepaalde take uit te voer en te bestuur.

2.5.2.4.3 Moderamen: Die kommissie wat deur die sinodevergadering aangewys word om bepaalde sake tussen vergaderings te hanteer.

2.5.2.4.4 Sinodale kommissies: Kommissies wie se funksies permanent van aard is.

2.5.2.4.5 Sinodale werkgroep: Kommissies wie se funksie tydelik van aard is.

2.5.2.4.6 Sinodale werk: Werksaamhede soos deur die sinodevergadering besluit wat permanent van aard is.

2.5.2.4.7 Sinodale projekte: Werksaamhede soos deur die sinodevergadering besluit wat tydelik van aard is of op 'n stadium selfstandig moet funksioneer.

3. ROEPING EN FUNKSIES

3.1 Agtergrond

3.1.1 Die Sinodevergadering van 15-17 Oktober 2001 het op die term roeping besluit in plaas van missie en het aan die Begeleidingspan opdrag gegee om 'n roeping te formuleer. Hiermee saam is die funksie van die Sinodevergadering ook geformuleer. Kerkverband impliseer belydenisskrifte, kerkorde en besluite.

3.1.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur goed dat:

3.1.2.1 Die Sinodale Kerkverband geroep is om tot eer van God en die uitbreiding van sy koninkryk kerkwees in die KZN konteks te versterk by wyse van:
- *** Sinodevergaderings**
- *** Sinodale werksaamheid**
- *** Sinodale verhoudingsaksies**

3.1.2.2 Die funksie van die Sinodevergadering is om in gehoorsaamheid aan Christus sy Hoof
- *** die gemeenskaplike sake van die NG Kerke in KZN**
- *** op prinsipiële en verantwoordbare wyse te hanteer**
- *** om sodoende kerkwees in die provinsie te versterk.**

4. FUNKSIONERING VAN DIE SINODALE KERKVERBAND VAN DIE NG KERK VAN NATAL

4.1 Prosesse in bestuursketting

4.1.1 Daar is drie prosesse in die bestuursketting van die Sinodale Kerkverband, naamlik besluitneming, mobilisering en bediening.

4.1.1.1 **Besluitneming** verwys na die prosesse om uiteindelik by finale formulering en besluite oor die sinodale roeping of bedieningskwessies te kom.

4.1.1.2 **Mobilisering** is die skakel tussen besluitneming en bediening en verwys na die prosesse wat sorg dat daar goeie strategieë in plek is vir die implementering van besluite. Mobilisering verwys ook na funksies soos kommunikasie, motivering en bemagtiging van mense, begrotingsbeheer, koördinering, beplanning, organisering, leiding, kontrolering en evaluering.

4.1.1.3 **Bediening** verwys na die prosesse vir daadwerklike implementering van die roeping en die bedryf en bestuur van bedieninge wat daaruit voortvloei.

4.1.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering onderskei tussen drie prosesse in sy bestuursketting, naamlik besluitneming, mobilisering en bediening.

4.1.3 Besluitneming

4.1.3.1 Besluitnemingsprosesse moet so gestruktureer word dat besluite vinnig en doelmatig geneem kan word ten einde te verseker dat die NG Kerk van Natal sy roeping asook opdragte binne konteks kan uitvoer.

Daar moet onderskei word tussen die besluitnemingsbevoegdhede van verskillende vergaderings en persone.

4.1.3.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur goed dat beleidsbesluite deur die Sinodevergadering geneem word en in dringende gevalle deur die Moderamen met verslag aan die Sinode.

4.1.3.3 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur goed dat mobiliseringsbesluite geneem word deur sy kommissies en die PSD's – laasgenoemde met spesifieke gedelegeerde gesag en verantwoording aan die betrokke kommissies.

4.1.3.4 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur goed dat dag tot dag bedieningsbesluite geneem word deur die kommissies, werkgroepe en PSD's.

4.1.4 Mobilisering

4.1.4.1 Die mobilisering van werksaamhede word deur die kommissies van die Sinode, elk op sy eie terrein gedoen. Die kommissies en PSD's moet daarvoor sorg dat daar goeie strategieë in plek is vir die implementering van besluite.

4.1.4.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering bemagtig die Sinodale kommissies en die PSD's om die bestuur van hulle werksaamhede te onderneem, wat insluit die daarstel van strategieë om besluite te implementeer.

4.1.5 Bediening

4.1.5.1 Die uitvoering van besluite en implementering van bedieningsplanne is die verantwoordelikheid van die PSD's, personeel, die betrokke kommissies en die werkgroepe.

~~4.1.6~~4.1.5.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering bemagtig sy kommissies, werkgroepe en PSD's om die Sinodale werk en projekte van die Sinodale Kerkverband uit te voer.

Formatted: Bullets and Numbering

4.2 Strukture

4.2.1 Kommissies

4.2.1.1 By die daarstel van strukture behoort geïdentifiseerde behoeftes en die roeping van die Sinodale Kerkverband bepalend te wees. In die volgende voorstelle word dit verreken.

4.2.1.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om alle huidige kommissies te vervang met die volgende kommissies:

4.2.1.2.1 Moderamen (MOD);
4.2.1.2.2 Sinodale Bedieningskommissie (SBK);
4.2.1.2.3 Sinodale Ondersteuningskommissie (SOK);
4.2.1.2.4 Sinodale Regskommissie (SRK).

4.2.2 Werkgroepe

4.2.2.1 Aanbeveling: Werkgroepe vir tydelike projekte word deur die Sinodevergadering of sy kommissies volgens behoefte saamgestel.

4.2.3 Skematiese voorstelling



Formatted: Centered

Formatted: Centered

Formatted: Font: (Default) Arial, 8 pt, Afrikaans

Formatted: Font: (Default) Arial, 8 pt, Afrikaans

Formatted: Centered

Formatted: Centered

Formatted: Font: (Default) Arial, 8 pt, Afrikaans

Formatted: Font: (Default) Arial, 8 pt, Afrikaans

4.2.4 Doelstellings

4.2.4.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende doelstellings goed:

4.2.4.1.1 Die Moderamen stel hom ten doel om:

4.2.4.1.1.1 voortdurende strategiese bestuur toe te pas – wat insluit die bepaling van behoeftes en die samestelling van werkgroepe wat daaraan aandag gee;

4.2.4.1.1.2 doeltreffende kommunikasie en koördinering na binne en buite te beoefen;

4.2.4.1.1.3 ekumeniese verhoudinge te bevorder en te beoefen;

4.2.4.1.1.4 onderlinge verhoudinge binne die kerkverband te bevorder;

4.2.4.1.1.5 die PSD Ondersteuningsdienste in samewerking met die Sinodale Ondersteuningskommissie te benoem en oor hom toesig te hou;

4.2.4.1.1.6 sinodevergaderings te reël;

4.2.4.1.1.7 dringende besluite tussen Sinodevergaderings te neem.

4.2.4.1.2 Die **Sinodale Bedieningskommissie** stel hom ten doel om:

4.2.4.1.2.1 alle Sinodale bedieningswerk en projekte waarop die Sinodevergadering of sy kommissies mag besluit te koördineer en te bestuur;

4.2.4.1.2.2 onderlinge verhoudinge binne die kerkverband op die bedieningsterrein te bevorder;

4.2.4.1.2.3 die PSD Bediening in samewerking met die Sinodale Regskommissie te benoem en oor hom toesig te hou.

4.2.4.1.3 Die **Sinodale Ondersteuningskommissie** stel hom te doel om die sinodale werk en projekte te ondersteun deur:

4.2.4.1.3.1 onderlinge verhoudinge binne die kerkverband op die terrein van ondersteuningsdienste te bevorder;

~~4.2.3.1.3.1~~4.2.4.1.3.2 finansiële bestuur wat begrotings- en beleggingsbestuur insluit;

~~4.2.3.1.3.2~~4.2.4.1.3.3 vasstel van salarisse;

~~4.2.3.1.3.3~~4.2.4.1.3.4 eiendomsbestuur;

~~4.2.3.1.3.4~~4.2.4.1.3.5 administrasie wat die bestuur van die sinodale kantoor insluit;

~~4.2.3.1.3.5~~4.2.4.1.3.6 toeken van studiebeurse;

~~4.2.3.1.3.6~~4.2.4.1.3.7 bestuur van argief;

~~4.2.3.1.3.7~~4.2.4.1.3.8 die benoeming van en toesighouding oor die PSD Ondersteuningsdienste in samewerking met die Moderamen.

4.2.4.1.4 Die **Sinodale Regskommissie** stel hom ten doel om:

4.2.4.1.4.1 die Sinodevergadering en die Sinodale Kerkverband in verband met kerkregtelike sake te adviseer;

4.2.4.1.4.2 die Kerkordeboek gereed te maak en te publiseer;

4.2.4.1.4.3 diensverhoudinge te bestuur;

4.2.4.1.4.4 as gevolmagtigde appèlkommissie van die Sinodevergadering op te tree;

4.2.4.1.4.5 die PSD Bediening in samewerking met die Sinodale Bedieningskommissie te benoem en oor hom toesig te hou.

4.2.5 Samestelling

4.2.5.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering stel die kommissies en werkgroepe soos volg saam:

4.2.5.1.1 **Moderamen**:

4.2.5.1.1.1 Vier verkose moderatuurslede of hulle sekundi;

4.2.5.1.1.2 Een verteenwoordiger elk van die Sinodale Bedieningskommissie en Sinodale Ondersteuningskommissie;

4.2.5.1.1.3 Een predikant en een kerkraadslid vir elke ring;

4.2.5.1.1.4 Die PSD's (adviserend).

4.2.5.1.2 **Sinodale Bedieningskommissie** [SBK]

4.2.5.1.2.1 Een verteenwoordiger van elke ring;

4.2.5.1.2.2 Twee kundiges van elk van die volgende vier bedieningsterreine: Gemeentebediening, Jeug, Sending Barmhartigheid en een kundige op die terrein van Leer en Aktuele Sake

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.5.1.2.3 Die PSD's (adviserend).

4.2.5.1.3 Sinodale Ondersteuningskommissie [SOK]

4.2.5.1.3.1 Een kundige lid uit elke ring;
4.2.5.1.3.2 Een verteenwoordiger elk van die Moderamen, Sinodale Regskommissie en Sinodale Bedieningskommissie;
4.2.5.1.3.3 Maksimum van twee kundige lede wat soos benodig gekoöpteer kan word;
4.2.5.1.3.4 Die PSD's (adviserend);
4.2.5.1.3.5 Die Rekenpligtige Amptenaar (adviserend);
4.2.5.1.3.6 Die Argiefbeampte (adviserend).

4.2.5.1.4 Sinodale Regskommissie [SRK]

4.2.5.1.4.1 Die Aktuarius plus vyf kundige persone waarvan verkieslik een persoon 'n regsgeleerde en/of arbeidsverhoudinge kenner is;
4.2.5.1.4.2 Die PSD's÷ (adviserend).

4.2.5.1.5 Werkgroepe

4.2.5.1.5.1 Die samestelling van elke werkgroep word gedoen met die oog op maksimum effektiwiteit (bestuur, kundigheid, rekenskap en koste).

4.2.6 Werkswyse

4.2.6.1 Sinodevergaderings

4.2.6.1.1 Frekwensie van vergaderings

(Notule punt 4.8.7.1.4)

4.2.6.1.1.1 Dit blyk duidelik dat daar 'n behoefte bestaan aan vinniger besluitneming in die lig van vinnig veranderende behoeftes en geleenthede.

4.2.6.1.1.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die Sinodevergadering elke twee jaar gehou word. ___

4.2.6.1.2 Wyse van vergadering

4.2.6.1.2.1 Die Sinodevergadering van 15-17 Oktober 2001 het reeds die volgende besluite hieroor geneem:

4.9.3.2 Die Sinode keur goed dat die inrigting van die sinodale vergadering:
4.9.3.2.1 'n geïntegreerde styl van kleingroepbesprekingstegnieke en debatvoering kan wees;
4.9.3.2.2 liturgies ingerig sal word;
4.9.3.2.3 stemming deur middel van kleurkaarte kan plaasvind; en
4.9.3.2.4 in die mees geskikte lokaal gehou word.

4.2.6.1.3 Aanwys van verteenwoordigers

4.2.6.1.3.1 Aanbeveling: Benewens sy normale take wys die Sinodevergadering verteenwoordigers aan vir die Kuratoria en eksamenkommissies van die Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat en Universiteit van Pretoria.
4.2.6.1.3.2 Aanbeveling: Die verteenwoordigers op die kuratoria lewer verslag aan die Sinodevergadering via die Sinodale Bedieningskommissie.

4.2.6.2 Moderamen

4.2.6.2.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende werkswyse goed:

4.2.6.2.1.1 Die Moderamen vergader een maal per jaar onder voorsitterskap van die Moderator van die vorige Sinodevergadering.

4.2.6.2.1.2 Die PSD Ondersteuningsdienste dien as notulerende skriba van die Moderamen.

4.2.6.2.1.3 Die Dagbestuur bestaan uit die vier verkose Moderatuurslede (of sekundi) met die PSD's as adviserende lede.

4.2.6.2.1.4 Die Dagbestuur vergader indien nodig. Daar word vir drie vergaderings begroot.

4.2.6.2.1.5 Die Moderamen lewer verslag aan die Sinodevergadering van die uitvoering van hulle opdragte.

4.2.6.2.1.6 Die Moderamen lig die gemeentes deurlopend in van sy werksaamhede.

4.2.6.2.1.7 Die Moderamen reël Sinodevergaderings.

4.2.6.2.1.8 Die Moderamen wys verteenwoordigers aan by Ekumeniese liggame en hulle lewer aan die Moderamen verslag.

4.2.6.2.1.9 Opstel van begroting:

4.2.6.2.1.9.1 Die PSD stel die begroting van die Moderamen in samewerking met die voorsitter en ander belanghebbendes op.

4.2.6.2.1.9.2 Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.

4.2.6.2.1.9.3 Die begroting word aan die Sinodale Ondersteuningskommissie vir finale goedkeuring voorgelê.

4.2.6.2.1.10 Begrotingsbestuur:

4.2.6.2.1.10.1 Maandelikse state word aan alle lede gestuur vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.

4.2.6.2.1.10.2 Geouditeerde state word jaarliks aan alle lede gesirkuleer vir goedkeuring.

4.2.6.2.1.10.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne twee maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is.

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.6.2.1.11 Die Moderamen hou toesig oor die werk van die PSD Ondersteuningsdienste. Die PSD lewer aan die Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

4.2.6.3 Sinodale Bedieningskommissie

4.2.6.3.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende werkswyse goed:

4.2.6.3.1.1 Die Sinodale Bedieningskommissie konstitueer tydens die Sinodevergadering.

4.2.6.3.1.2 Die PSD Bediening tree op as skriba van die Sinodale Bedieningskommissie.

4.2.6.3.1.3 Die Kommissie verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en een lid wat saam met die PSD as adviserende lid die dagbestuur vorm.

~~4.2.5.3.1.5~~4.2.6.3.1.4 **Die Sinodale Bedieningskommissie hou toesig oor die werk van die PSD Bediening. Die PSD lewer aan die Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.**

Formatted: Bullets and Numbering

~~4.2.5.3.1.6~~4.2.6.3.1.5 **Die Sinodale Bedieningskommissie vergader een maal per jaar om bestuursbesluite te neem.**

Formatted: Bullets and Numbering

~~4.2.5.3.1.7~~4.2.6.3.1.6 **Die Dagbestuur vergader indien nodig. Daar word vir drie vergaderings begroot.**

Formatted: Bullets and Numbering

~~4.2.5.3.1.8~~4.2.6.3.1.7 **Die Sinodale Bedieningskommissie lewer verslag aan die Sinodevergadering.**

Formatted: Bullets and Numbering

~~4.2.5.3.1.9~~4.2.6.3.1.8 **Die Sinodale Bedieningskommissie lig gemeentes deurlopend in van sy werksaamhede.**

Formatted: Bullets and Numbering

~~4.2.5.3.1.10~~4.2.6.3.1.9 **Bedieningsplanne vir die volgende termyn word aan die Sinodevergadering voorgelê.**

Formatted: Bullets and Numbering

~~4.2.5.3.1.11~~4.2.6.3.1.10 **Besluite word uitgevoer deur die PSD Bediening en sy kantoor of deur kommissielede soos ter vergadering besluit mag word.**

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.6.3.1.11 **Die Sinodale Bedieningskommissie hanteer die werksaamhede op die terreine van Gemeentebediening, Sending, Barmhartigheid, Jeug en Leer en Aktuele Sake. Projekte op enige van hierdie terreine word deur werkgroepe afgehandel.**

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.6.3.1.12 **Die kantoor van die PSD Bediening bied 'n infrastruktuur vir die kommissie en alle projekte en lewer 'n administratiewe diens aan die kommissie en werkgroepe.**

Formatted: Bullets and Numbering

~~4.2.6.3.1.11~~4.2.6.3.1.13 **Die volgende Sinodale werk (sien definisie hierbo) van die Sinodale kerkverband ressorteer onder die Sinodale Bedieningskommissie:**

~~4.2.6.3.1.11.1~~4.2.6.3.1.13.1 **Christelike Maatskaplike Dienste**

~~4.2.6.3.1.11.1.1~~4.2.6.3.1.13.1.1 **Die CMD funksioneer volgens bestaande reglemente.**

~~4.2.6.3.1.11.2~~4.2.6.3.1.13.2 **Subkommissie vir Interkerklike hulpverlening (CIC – Commission for Interchurch Care):**

4.2.6.3.1.13.2.1 **Die Subkommissie vir Interkerklike hulpverlening funksioneer volgens die Riglyne van die Subkommissie vir Interkerklike hulpverlening wat deur die Sinodale Bedieningskommissie goedgekeur word.**

~~4.2.6.3.1.11.3~~4.2.6.3.1.13.3 **Vrouediens**

~~4.2.6.3.1.11.3.1~~4.2.6.3.1.13.3.1 Die Vrouediens funksioneer volgens die Riglyne van die Vrouediens wat deur die Sinodale Bedieningskommissie goedgekeur word.

~~4.2.6.3.1.11.4~~4.2.6.3.1.13.4 Verteenwoordigers

~~4.2.6.3.1.11.4.1~~4.2.6.3.1.13.4.1 Die Sinodale Bedieningskommissie wys verteenwoordigers aan by die volgende instansies:

~~4.2.6.3.1.11.4.1.1~~4.2.6.3.1.13.4.1.1 Moderamen;

4.2.6.3.1.13.4.1.2 Sinodale Ondersteuningskommissie;

~~4.2.5.3.1.13.4.1.2~~4.2.6.3.1.13.4.1.3 Bybelgenootskap (Durban en KwaZulu streke);

~~4.2.5.3.1.13.4.1.3~~4.2.6.3.1.13.4.1.4 Betrokke kommissies van die Algemene Sinode;

~~4.2.5.3.1.13.4.1.4~~4.2.6.3.1.13.4.1.5 Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys;

4.2.6.3.1.13.4.1.6 Combined Missions Commission;

~~4.2.5.3.1.13.4.1.5~~4.2.6.3.1.13.4.1.7 Enige ander instansie wat vir 'n verteenwoordiger vra mits die begroting daarvoor voorsiening maak.

~~4.2.6.3.1.11.4.2~~4.2.6.3.1.13.4.2 Die verteenwoordigers lewer verslag aan die Sinodale Bedieningskommissie.

~~4.2.6.3.1.12~~4.2.6.3.1.14 Opstel van begroting:

~~4.2.6.3.1.12.1~~4.2.6.3.1.14.1 Die PSD stel die begroting van die Sinodale Bedieningskommissie asook dié van ander werksaamhede wat onder die Kommissie ressorteer in samewerking met die voorsitter en ander belanghebbendes op.

~~4.2.6.3.1.12.2~~4.2.6.3.1.14.2 Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.

~~4.2.6.3.1.12.3~~4.2.6.3.1.14.3 Die begroting word aan die Sinodale Ondersteuningskommissie vir finale goedkeuring voorgelê.

~~4.2.6.3.1.13~~4.2.6.3.1.15 Begrotingsbestuur:

~~4.2.6.3.1.13.1~~4.2.6.3.1.15.1 Maandelikse state word aan alle lede gestuur vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.

~~4.2.6.3.1.13.2~~4.2.6.3.1.15.2 Geouditeerde state word jaarliks aan alle lede gesirkuleer vir goedkeuring.

~~4.2.6.3.1.13.3~~4.2.6.3.1.15.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne twee maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is.

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.6.4 Sinodale Ondersteuningskommissie

4.2.6.4.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende werkswyse goed:

4.2.6.4.1.1 Die Sinodale Ondersteuningskommissie konstitueer tydens die Sinodevergadering.

4.2.6.4.1.2 Die Kommissie verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en een lid wat saam met die PSD as adviserende lid die dagbestuur vorm.

4.2.6.4.1.3 Die Sinodale Ondersteuningskommissie vergader een maal per jaar.

4.2.6.4.1.4 Die PSD Ondersteuningsdienste tree op as skriba van die Sinodale Ondersteuningskommissie.

4.2.6.4.1.5 Die Dagbestuur vergader indien nodig. Daar word vir drie vergaderings begroot.

4.2.6.4.1.6 Die Sinodale Ondersteuningskommissie hou toesig oor die werk van die PSD Ondersteuningsdienste en hy lewer aan die Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

4.2.6.4.1.7 Besluite word uitgevoer deur die PSD Ondersteuningsdienste en sy kantoor of deur kommissielede soos ter vergadering besluit mag word.

4.2.6.4.1.8 Besluite word uitgevoer deur die PSD Bediening en sy kantoor of deur kommissielede soos ter vergadering besluit mag word.

4.2.6.4.1.9 Verteenwoordigers:
4.2.6.4.1.9.1 Die Sinodale Ondersteuningskommissie wys 'n verteenwoordiger aan op die Moderamen.
4.2.6.4.1.9.2 Die Sinodale Ondersteuningskommissie wys verteenwoordigers aan by:
4.2.6.4.1.9.2.1 Die Algemene Kommissie vir Fondse;
4.2.6.4.1.9.2.2 Die Predikante- en weduweepensioenfonds.
4.2.6.4.1.9.3 Die verteenwoordigers lewer verslag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie.

4.2.6.4.1.10 Opstel van begrotings:
4.2.6.4.1.10.1 Die PSD Ondersteuningsdienste stel die begroting van die Sinodale Ondersteuningskommissie in samewerking met die voorsitter en ander belanghebbendes op.
4.2.6.4.1.10.2 Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.
4.2.6.4.1.10.3 Die Sinodale Ondersteuningskommissie keur sy eie begroting asook die van ander sinodale werksaamhede finaal goed.

4.2.6.4.1.11 Begrotingsbestuur:
4.2.6.4.1.11.1 Maandelikse state word aan alle lede gestuur vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.
4.2.6.4.1.11.2 Geouditeerde state word jaarliks aan alle lede gesirkuleer vir goedkeuring.
4.2.6.4.1.11.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne twee maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is.

4.2.6.4.1.12 Beleggingsbestuur:
4.2.6.4.1.12.1 Die PSD Ondersteuningsdienste en ander lede hou die mark gedurig dop vir goeie beleggingsgeleenthede.
4.2.6.4.1.12.2 Beleggings word gedoen volgens die bestaande beleggingsbeleid van die Sinodevergadering.

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.6.4.1.13 Toekenning van finansiële hulp aan gemeentes word volgens die reglement van die Gemeentebystandsfonds gedoen.

4.2.6.4.1.14 Vasstel van salarisse:

4.2.6.4.1.14.1 Die PSD Ondersteuningsdienste verwerk die salarisskale vir personeel en predikante in ooreenstemming met Sinodebesluite en die jaarlikse riglyne van die AKF, sirkuleer dit aan al die lede vir goedkeuring waarna dit geïmplementeer en deurgestuur word aan gemeentes.

4.2.6.4.1.15 Administrasie en eiendomsbestuur word deur die PSD Ondersteuningsdienste en sy personeel gedoen met verslag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie.

4.2.6.5 Sinodale Regskommissie:

4.2.6.5.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende werkswyse goed:

4.2.6.5.1.1 Die Sinodale Regskommissie konstitueer tydens die Sinodevergadering.

4.2.6.5.1.2 Die Kommissie verkies 'n voorsitter en ondervoorsitter.

4.2.6.5.1.3 Die Sinodale Regskommissie vergader normaalweg een maal per jaar.

4.2.6.5.1.4 Die Sinodale Regskommissie wys 'n verteenwoordiger aan op die Sinodale Ondersteuningskommissie.

4.2.6.5.1.5 Die PSD Bediening tree op as skriba van die Sinodale Regskommissie.

4.2.6.5.1.6 Die Sinodale Regskommissie hou toesig oor die werk van die PSD Bediening. Die PSD lewer aan die Kommissie verslag van sy werksaamhede op die terrein van die Kommissie.

4.2.6.5.1.7 Die Sinodale Regskommissie adviseer die Sinodevergadering en die Sinodale Kerkverband in verband met kerkregtelike sake.

4.2.6.5.1.8 Die Sinodale Regskommissie publiseer 'n nuwe Kerkordeboek in opdrag van die Sinodevergadering.

4.2.6.5.1.9 Diensverhoudinge word deur die PSD Bediening bestuur in samewerking met die Aktuarius, ander kundiges, en indien dit finansiële implikasies het, die Sinodale Ondersteuningskommissie, met verslag aan die SRK. Appèlsake word deur die volle Regskommissie hanteer.

4.2.6.5.1.10 Adviese van die Aktuarius:

4.2.6.5.1.10.1 Die Aktuarius lewer skriftelik verslag van sy adviese aan die Sinodale Regskommissie.

4.2.6.5.1.11 Opstel van begroting:

4.2.6.5.1.11.1 Die PSD stel die begroting van die Sinodale Regskommissie in samewerking met die voorsitter op.

4.2.6.5.1.11.2 Die voorlopige begroting word aan al die lede gesirkuleer vir kommentaar waarna wysigings aangebring word.

4.2.6.5.1.11.3 Die begroting word aan die Sinodale Ondersteuningskommissie vir finale goedkeuring voorgelê.

4.2.6.5.1.12 Begrotingsbestuur:

4.2.6.5.1.12.1 Maandelikse state word aan alle lede gestuur vir kontrolering, kommentaar en goedkeuring.

4.2.6.5.1.12.2 Geouditeerde state word jaarliks aan alle lede gesirkuleer vir goedkeuring.

4.2.6.5.1.12.3 Die jaarlikse evaluering van begrotingsbestuur en hersiening van begrotings vind plaas binne twee maande nadat die geouditeerde state beskikbaar is.

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.6.6 Werkgroepe

4.2.6.6.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur die volgende werkswyse goed:

4.2.6.6.1.1 Werkgroepe lewer in samewerking met die betrokke PSD verslag van hulle werksaamhede aan die betrokke instansie wat hulle aangewys het.

4.2.6.6.1.2 Werkgroepe funksioneer met so min vergaderings as moontlik en met maksimale gebruik van kommunikasiemedia.

4.2.6.6.1.3 Die voorsitter van 'n werkgroep en die betrokke PSD is verantwoordelik vir die uitvoering en bestuur van werksaamhede in ooreenstemming met die besluite van die Sinodevergadering of betrokke kommissie.

4.2.6.6.1.4 Werkgroepe bestaan slegs totdat hulle opdrag bevredigend afgehandel is. Hulle moet hulle opdrag afhandel binne die beskikbare fondse. Die betrokke kommissie verdeel die begroting tussen die verskillende werkgroepe.

4.2.6.7 Predikante in Sinodale Diens

4.2.6.7.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om twee Predikante in Sinodale Diens te benoem, naamlik 'n PSD Ondersteuningsdienste en 'n PSD Bediening.

4.2.6.7.2 Aanbeveling: Die PSD's het die volgende verantwoordelikhede:

4.2.6.7.2.1 PSD Ondersteuningsdienste

4.2.6.7.2.1.1 Kommissies: Moderamen (uitvoerende amptenaar en notulerende skriba) en Sinodale Ondersteuningskommissie (uitvoerende amptenaar en skriba) asook adviserende lid van die ander twee kommissies;

4.2.6.7.2.1.2 Werkgroepe (uitvoerende amptenaar);

4.2.6.7.2.1.3 Administrasie (sluit eiendomme, toerusting en personeelbestuur in);

4.2.6.7.2.1.4 Kommunikasie (oa redakteur van die Posduif);

4.2.6.7.2.1.5 Finansiële bestuur;
4.2.6.7.2.1.6 Reël van Sinodevergaderings;
4.2.6.7.2.1.7 Onderlinge verhoudings tussen gemeentes;
4.2.6.7.2.1.8 Fasilitering;
4.2.6.7.2.1.9 Toerusting van gemeenteleiers;
4.2.6.7.2.1.10 Dienslewering aan gemeentes en ringe.

4.2.6.7.2.2 PSD Bediening

4.2.6.7.2.2.1 Kommissies: Sinodale Bedieningskommissie en Sinodale Regskommissie (uitvoerende amptenaar en skriba) asook adviserende lid van die ander twee kommissies;
4.2.6.7.2.2.2 Werkgroepe (uitvoerende amptenaar);
4.2.6.7.2.2.3 Direkteur van die CMD KZN;
~~4.2.5.7.2.2.3~~4.2.6.7.2.2.4 Onderlinge verhoudings tussen gemeentes;
~~4.2.5.7.2.2.4~~4.2.6.7.2.2.5 Fasilitering;
~~4.2.5.7.2.2.5~~4.2.6.7.2.2.6 Predikantebediening;
~~4.2.5.7.2.2.6~~4.2.6.7.2.2.7 Toerusting van gemeenteleiers;
~~4.2.5.7.2.2.7~~4.2.6.7.2.2.8 Dienslewering aan gemeentes en ringe.

Formatted: Bullets and Numbering

4.2.6.8 Kantoorpersoneel

4.2.6.8.1 Aanbeveling: Die Sinodale Kantoor funksioneer met die volgende personeel:
4.2.6.8.1.1 Die PSD Ondersteuningsdienste (predikant);
4.2.6.8.1.2 Die PSD Bediening (predikant);
4.2.6.8.1.3 Sekretaris(esse) vir PSD Ondersteuningsdienste (halfdag – Senior Administratiewe Beampte);
4.2.6.8.1.4 Administratiewe Beampte (voltyds);
4.2.6.8.2 Sekretaresse vir PSD Bediening (voltyds – Senior Administratiewe Beampte of twee halfdagposte);
4.2.6.8.3 Skoonmaker en bode (voltyds – Senior Assistent);
4.2.6.8.4 Skoonmaker – (voltyds – Assistent);
4.2.6.8.5 Rekenpligtige amptenaar (voltyds);
4.2.6.8.6 Twee finansiële klerke (albei voltyds of een voltyds en twee halfdag – Administratiewe Beampte);
4.2.6.8.7 Argiefbeampte (halfdag – Senior Administratiewe Beampte).

4.2.6.9 Dienste gelewer vanuit Sinodale Kantoor

4.2.6.9.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat ter wille van die onderlinge hulp aan mekaar die volgende dienste aan gemeentes, ringe en ander kerklike instansies deur die Sinodale Kantoor en sy personeel op aanvraag gelewer kan word:
4.2.6.9.1.1 Konsultasiedienste tov finansiële bestuur, belastings, beleggings, versekering, arbeidsverhoudinge, ens;
4.2.6.9.1.2 Fasiliteringsdienste tov gemeentebediening en -ontwikkeling, verskillende bedieningsareas, konflikhantering, ens;
4.2.6.9.1.3 Toerusting van gemeenteleiers en gemeentesaakgelastigdes;
4.2.6.9.1.4 Bediening aan (ondersteuning van) predikante;
4.2.6.9.1.5 Salarisadministrasie;
4.2.6.9.1.6 Finansiële administrasie;
4.2.6.9.1.7 Pensioenfondsadministrasie;
4.2.6.9.1.8 Mediesefondsadministrasie;
4.2.6.9.1.9 Argiefdienste.

4.2.6.9.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering gee volmag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie om tariewe in ooreenstemming met die koste van sommige van bogenoemde dienste vas te stel.

5. HUIDIGE WERKSAAMHEDE

5.1 Kampterrein

5.1.1 Die Sinodevergadering van Oktober 1999 het die volgende besluite oor die Kampterrein geneem (Notule bladsy 115 punt 6.51.1:

1. *Die Sinode besluit dat die SJK en SKA opdrag kry om te konsulteer met raadgewende ingenieurs en sakemanne oor die benutting en moontlike ontwikkeling van die kampterrein te Winklespruit. Hierdie konsultasieproses vind op risiko plaas.*
2. *Die kommissie kan van die volgende persone se dienste gebruik maak: ouderling F van Wyk (raadgewende ingenieur) en ouderling D Schreiber – albei van Pinetown.*
3. *Die Sinode versoek sy lede om enige wenke met betrekking tot die ondersoek aan die SJK en SKA voor te lê of hulp aan te bied.*
4. *Die moderatuur kry volmag om besluite oor ontwikkeling te neem op aanbeveling van die SJK en SKA.*
5. *'n Besluit oor die moontlike vervreemding van die kampterrein kan slegs deur die Sinode geneem word.*

5.1.2 In opdrag van die Sinode is V3 Raadgewende Ingenieurs genader wat die Kampterrein in November 1999 besoek het. Hulle het verslag gelewer dat die strukture van die geboue in 'n goeie toestand is en dat die opgradering soos aan die Sinode van 1999 gerapporteer is, mee voortgegaan kan word. Fondse vir die opgradering van die Kampterrein kon egter nie gevind word nie (die risiko was te hoog). Op versoek het die Sinodale Kommissie vir Eiendomme (SKE) die beheer van die Kampterrein gedurende 2001 oorgeneem. 'n Nuwe besigheidsplan is opgestel vir die opgradering teen ten minste R600,000 met advies dat dit nie die waarde van terrein sal verhoog nie. Die SKA het nie sy weg oopgesien om dit te finansier nie en het aanbeveel dat die Kampterrein verkoop word.

5.1.3 Die bedryf van die Kampterrein kos die NG Kerk van Natal R95,735 per jaar. Na vele ondersoeke en pogings om die Kampterrein selfstandig te laat funksioneer is die Kampterrein in die mark gesit. Kampe kan op ander terreine gehou word.

~~5.1.2~~5.1.4 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om:
~~5.1.2.1~~5.1.4.1 Die Kampterrein te verkoop.
~~5.1.2.3~~5.1.4.2 Die opbrengs van die verkoop van die Kampterrein oor te dra na die Reserwefonds.

5.2 Sinodale Sentrum

5.2.1 Na vele navrae en oorweging blyk dit dat die Sinodale Sentrum behou moet word (Vergelyk die beraamde begroting van die Sinodale werksaamheid by hierdie verslag aangeheg). Die Sinodale Sentrum is waardeer vir R2,900,000 tot R3,200,000 (moontlike markwaarde).

5.2.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat:
5.2.2.1 Die Sinodale Sentrum nie nou verkoop word nie.
5.2.2.2 Indien 'n uitstekende aanbod ontvang word, die Sinodale Ondersteuningskommissie opdrag kry om die saak te ondersoek met aanbeveling óf aan 'n Sinodevergadering óf aan 'n gesamentlike sitting van al die permanente kommissies van die Sinodevergadering.

Formatted: English (United States)
Formatted: Numbered + Level: 1 + Numbering Style: 1, 2, 3, … + Start at: 1 + Alignment: Left + Aligned at: 0.49" + Tab after: 0.74" + Indent at: 0.74"
Formatted: Bullets and Numbering
Formatted: Font: Italic
Formatted: English (United States)
Formatted: Bullets and Numbering
Formatted: English (United States)
Formatted: Bullets and Numbering
Formatted: Bullets and Numbering

5.2.2.3 Die Sinodale Ondersteuningskommissie die mark voortdurend toets tov alle eiendomme (te koop of te verkoop) en die Sinodevergadering in die verband te adviseer.

5.2.2.4 Die bestuur van die Sinodale Sentrum oorgedra word na 'n artikel 21 maatskappy.

5.3 PSD poste

5.3.1 Waar al meer gemeentes vanweë finansiële druk nie meer kan oorleef nie of op die punt staan om te ontbind, kan die beëindiging van een PSD pos nie langer uitgestel word nie.

5.3.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit:

5.3.2.1 Die SKDV benoem, voor 31 Desember 2002, twee PSD's vir die twee nuwe poste, uit die huidige drie PSD's.

5.3.2.2 In die keuring van PSD's vir die nuwe poste, maak die SKDV van die volgende seleksiekriteria gebruik:.

5.3.2.2.1 Vaardighede: rekenaar, fasilitering, toerusting, administratiewe, kommunikasie en finansiële;

5.3.2.2.2 Toepaslike opleiding en toerusting vir die betrokke poste;

5.3.2.2.3 Toepaslike ondervinding;

~~5.3.2.2.1~~5.3.2.2.4 Handhawing van goeie interpersoonlike en intergemeentelike verhoudings.

5.3.2.3 Die SKDV onderhandel 'n skeidingspakket, of ander moontlikhede, met die PSD wie nie weer benoem word nie en sy diens word op 1 Maart 2003 beëindig.

5.3.2.4 Die huidige SKDV hanteer die diensbeëindiging en indiensstelling van die PSD's volgens huidige voorskrifte~~hanteer~~.

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Not Strikethrough

5.4 Studiefondse

5.4.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om:

5.4.1.1 Die huidige studiefondse saam te voeg in een fonds.

5.4.1.2 In die toekoms slegs beurse toe te ken.

5.4.1.3 Alle huidige lenings word vanaf 1 Maart 2003 omgeskakel na beurse. Persone wie se lenings agterstallig is moet die volle lening terugbetaal.

Formatted: Not Strikethrough

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Not Strikethrough

5.5 Subsidies

5.5.1 Verskeie pogings is reeds in die verlede aangewend om subsidies te verminder. Waar gesubsidieerde poste in die VGKSA of RCA vakant geraak het, is geen verdere subsidies gemaak nie. Inflasie in ag genome het subsidies aan die familie van NG Kerke oor die afgelope vyf jaar al drasties verminder.

5.5.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit die volgende subsidies word afgeskaf of afgeskaal vanaf 1 Maart 2003:

5.5.2.1 Kampterrein:

5.5.2.1.1 Die subsidie van R95,735 beëindig;

5.5.2.2 CMD Hoofkantoor:

5.5.2.2.1 Die sinodale pos vir hospitaalbediening in die Durban gebied word beëindig;

5.5.2.2.2 Die subsidie van R140,000 verminder na R99,000 (Die vermindering is die subsidie aan hospitaalbediening wat wegval).

5.5.3 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit tov Interkerklike hulpverlening:

5.5.3.1 Die Sinodevergadering eerbiedig sy bestaande hulpverlening aan die RCA en VGKSA (subsidies ten bedrae van R900,115) met opdrag aan:

5.5.3.1.1 die Sinodale Bedieningskommissie om die bedrag tot hulpverlening telkens in samewerking met die VGKSA/RCA te hersien wanneer daar vakatures ontstaan;

5.5.3.1.2 die Sinodale Bedieningskommissie om via die Commission for Interchurch Care positief te werk tot groter haalbare finansiële selfstandigheid by die gesubsidieerde liggame;

5.5.3.1.3 die Commission for Interchurch Care tot moontlike herontplooiing van werkkragte binne die sinodale gebied.

5.5.4 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit die volgende subsidies bly voortbestaan:

5.5.4.1 Skoolverlaterskampe (huidige subsidie: R42,000);

5.5.4.2 Mediese subsidie van pensioenarisse (huidige subsidie: R429,744).

5.6 Sinodale Kollektes

5.6.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die tien huidige verpligte Sinodale Kollektes (vgl Besluit 12 op bladsy 164 van die Kerkordeboek (1999)) vanaf 1 Maart 2003 nie meer verpligte kollektes is nie, maar verskuif na die kategorie Vrywillige Kollektes (vgl Besluit 13, bladsy 165).

5.7 Samevoeging van fondse

5.7.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering gee volmag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie om, waar dit prakties moontlik is, in samewerking met die Sinodale bedieningskommissie die verskillende fondse van die Sinode saam te voeg en oor te dra na die Reserwefonds.

5.8 Verkoop pastorie

5.8.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering gee opdrag aan die Sinodale Ondersteuningskommissie om die derde pastorie te verkoop en die opbrengs in die Reserwefonds te stort.

6. IMPLEMENTERING VAN BESLUITE

6.1 Funksionering van kommissies

6.1.1 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat:

6.1.1.1 alle vorige sinodale kommissies 'n verslag opstel van die uitvoering van hulle opdragte en die verslag voor 28 Februarie 2003 oorhandig aan die betrokke nuwe kommissies wat op hulle beurt verslag lewer aan die volgende Sinodevergadering;

6.1.1.2 die ringe tydens hierdie Sinodevergadering hulle verteenwoordigers op die betrokke kommissies wat ringsgewys saamgestel word, aanwys;

Formatted: Font: 12 pt, Not Small caps

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Font: 10 pt

Formatted: Outline numbered + Level: 3 + Numbering Style: 1, 2, 3, … + Start at: 1 + Alignment: Left + Aligned at: 0" + Indent at: 0.49", Border: Box: (Double solid lines, Auto, 2.25 pt Line width)

Formatted: Font: 10 pt

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Outline numbered + Level: 3 + Numbering Style: 1, 2, 3, … + Start at: 1 + Alignment: Left + Aligned at: 0" + Indent at: 0.49", Border: Box: (Double solid lines, Auto, 2.25 pt Line width)

Formatted: Font: 10 pt

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Font: 10 pt

Formatted: Outline numbered + Level: 3 + Numbering Style: 1, 2, 3, … + Start at: 1 + Alignment: Left + Aligned at: 0" + Indent at: 0.49", Border: Box: (Double solid lines, Auto, 2.25 pt Line width)

Formatted: Font: 10 pt

Formatted: Font: 12 pt, Not Small caps

6.1.1.3 **'n tydelike kommissie vir kommissies voor die einde van hierdie Sinodevergadering aanbevelings maak oor die samestelling van kommissies wat nie ringsgewys saamgestel word nie;**

6.1.1.4 **die sinodale kommissies voor die einde van hierdie Sinodevergadering konstitueer en waar van toepassing hulle verteenwoordigers op die ander betrokke kommissie(s) aanwys;**

6.1.1.5 **die nuwe kommissies onmiddellik met hulle werksaamhede begin en bedieningsplanne vir die toekoms aan die volgende Sinodevergadering voorlê.**

6.2 Personeelvermindering

6.2.1 Volgens aanbevelings by punt 4.2.5.8 hierbo hoef, behalwe vir die PSD's (sien hierbo by Punt 5.3), geen ander personeel in die Sinodale Kantoor se diens beëindig te word nie. Die een pos wat in Desember 2001 vakant geraak het, is nie weer gevul nie. Die verantwoordelikhede van die huidige personeel in die Sinodale Kantoor kan net effens verander word om vir die nuwe situasie voorsiening te maak.

6.2.2 Indien die Kampterrein verkoop word, sal die diens van die huidige personeel beëindig moet word indien daar nie 'n reëling met die nuwe eienaar getref kan word nie.

6.2.3 **Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die diens van die personeel by die Kampterrein weens bedryfsredes en volgens die personeelbeleid van die Sinodevergadering op 3 Maart 2003 beëindig word.**

6.2.4 **Aanbeveling:~~Aanbeveling:~~ Die Sinodevergadering besluit om indien moontlik 'n reëling of ooreenkoms met die koper van die Kampterrein te beding om die huidige personeel te behou, of ander moontlikhede vir die personeel te ondersoek.**

6.2.5 **Aanbeveling: Die Sinodevergadering dra dit aan die Sinodale Ondersteuningskommissie op om indien nodig te besluit oor die bestuur van die Kampterrein tussen 3 Maart 2003 en die datum van oordrag na die nuwe eienaar.**

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Not Strikethrough

Formatted: Bullets and Numbering

Formatted: Not Strikethrough

Formatted: Not Strikethrough

6.3 Kerkorde

6.3.1 **Aanbeveling: Die Sinodevergadering gee aan die Regskommissie opdrag om in die lig van hierdie Sinodevergadering se besluite die nodige wysigings aan die Kerkorde aan te bring en aan die Sinodevergadering van 2003 voor te lê vir goedkeuring.**

6.3.2 **Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die besluite van hierdie Sinodevergadering onmiddellik van krag is.**

Formatted: Strikethrough

7. VERDERE OPDRAGTE

7.1 **Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit dat die betrokke kommissies hieronder genoem werkgroepe moet aanwys om verdere studie te doen insake:**

7.1.1 Aard, tegnieke en agenda van Sinodevergaderings (Moderamen).

7.1.2 Verhoudingsaksies as 'n gestalte van uitdrukking van die kerkverband (Sinodale Bedieningskommissie).

7.1.3 Plek en funksies en beter benutting van die "Ring (Sinodale Bedieningskommissie).

7.1.4 Die verdere afskaling van Sinodale werk sodat Sinodale Bydraes binne die volgende 2 jaar na 5% kan verminder (Sinodale Ondersteuningskommissie).

Formatted: Bullets and Numbering

8. FASILITERINGSPROSESSE

8.1 Die Sinodevergadering van 15-17 Oktober 2001 het van Amendament 4.8.7.1.7.1 kennis geneem en dit na die Begeleidingspan verwys:

Voeg in as punt 2.1.8:

"... die fasiliteringsproses ook op rings- en gemeentevlak deur die sinode se fasiliteringskommissie geïmplementeer word."

Voeg in as punt 2.1.9:

"Leraars van die NG Kerk en NG Kerk familie binne die sinodale gebied moet bemagtig word deur die opleiding in fasiliteringsvaardighede."

8.2 Die Sinodale Fasiliteringskommissie het via die Posduif by verskeie geleenthede sy dienste aan ringe en gemeentes aangebied. Van hierdie dienste word gereeld gebruik gemaak.

8.3 'n Kursus van die Gemeente Fasiliteerders Netwerk is in Augustus 2002 by Winklespruit aangebied waarna alle leraars van die NG Kerk Familie in KZN uitgenooi is.

9. SENTRALE VERGOEDING

9.1 Die SKA het 'n studie gemaak van die voordele en nadele van sentrale vergoeding van predikante. In die lig daarvan dat die Sinodevergadering besig is om te desentraliseer en die sentrale vergoeding kontraproduktief sou wees, word dit nie aanbeveel nie. Finansieel maak dit ook nie baie sin nie omdat gemeentes eienaarskap vir hulle predikante verloor met die gevolg dat bydraes verder daal. In die praktyk kan so 'n stelsel slegs werk indien die Sinodale Kerkverband ook as werkgewer optree en die gesag het om predikante volgens omstandighede te verskuif.

9.2 Aanbeveling: Die Sinodevergadering besluit om nie die weg van sentrale vergoeding vir predikante te volg nie.

10. SINODALE BYDRAES

10.1 Bogenoemde rasionalisasie bring wesenlike besparings vir gemeentes mee. Die gemiddelde Sinodale Bydraes het reeds vanaf sy hoogtepunt van 12% (1977/78) verminder na die aanbevole 6%.

10.2 Bylae 3 by hierdie verslag bevat die beraamde begroting volgens die aanbevelings hierbo. Bylae 4 bevat inligting oor hoe die nuwe begroting elke gemeente se Sinodale Bydraes raak.

10.3 Aanbeveling: Die Sinodevergadering keur goed dat die persentasies in die huidige formule vir Sinodale Bydraes (Vgl punt 8.6.1 op bladsy 160 en 161 van die Kerkordeboek - 1999) verminder vanaf 6% na 4%, 10% na 6% en 11,5% na 8% terwyl gemeentes maandeliks 6% oorbetaal ipv die huidige 8%.

Formatted: Bullets and Numbering

10.4 **Aanbeveling: Die nuwe Sinodale Bydraes tree vanaf 1 Maart 2003 in werking.**

Formatted: AanbBesluit, Outline numbered + Level: 2 + Numbering Style: 1, 2, 3, … + Start at: 1 + Alignment: Left + Aligned at: 0" + Indent at: 0.39"

Formatted: Bullets and Numbering

11. SLOT

11.1 Veral twee doelwitte word met bogenoemde besluite bereik:

11.1.1 Finansieel: Gemeentes bespaar meer as 2 persentasiepunte (Die huidige koers van 8% van die gemeente se inkomste verminder na 6%). Die totale besparing vir gemeentes is dus R700,000 – 'n gemiddeld van R11,290 per gemeente per jaar. 'n Gemiddelde gemeente betaal dan slegs R33,871 per jaar Sinodale Bydraes teenoor die huidige R45,161.

11.1.2 Besluitneming en uitvoering: Die nuwe meer vaartbelynde struktuur bespoedig besluitneming en die uitvoer van besluite.

~~31.07.~~

Bylae 1

Studiestuk met die oog op die begeleiding van die Sinode in die proses van besinning oor die roeping en strukturering van die Kerk in Kwazulu-Natal verband.

1. Inleidend.

Die agtergrond van hierdie studie is welbekend. Die afgelope tien jaar is daar ‘n behoefte by sinodegangers dat herbesin moet word oor die omvang en werksaamhede van die Sinode. Spesiale sinodesittings is en word gehou en verskeie besluite in die verband is reeds geneem. Verskeie kritiese sake is uitgewys vir herbesinning, asook die behoefte aan ‘n prinsipiële besinning oor die Sinode, gemeente en kerkverband.

2. Prinsipieël/historiese perspektiewe.

Vir doeleindes van hierdie besinning is dit noodsaaklik om **prinsipieël**, d.w.s. vanuit die Skrif, na te dink oor die betekenis van sekere basiese begrippe soos Kerk, Kerkverband en Sinode. Omdat daar rondom hierdie begrippe sekere ontwikkelings deur die eeue, sowel as in die plaaslike omstandighede van die Kerk in Suid-Afrika was, is dit nodig om die **kerkhistoriese perspektiewe** ook te begryp. Dit is met hierdie uitgangspunte waarmee gewerk word.

2.1. Betekenis van die begrip Kerk (*ekklesia*).

Die Griekse woord ***ekklesia*** was reeds by die Septuagint ingeburger as vertaling van die Hebreeuse *kahal Jahwe.* Die woord word in die NT gebruik as beskrywing van die vergadering van gelowiges (dié wat onder God se genadige verbondsheerskappy ingebring word). Die woord bevat ook etimologies gesproke die konstituerende element van die vergadering van gelowiges, naamlik God wat in Christus uitroep en versamel. *Ekklesia in sy basiese betekenis* verwys in breë dus na die gelowiges (uitgeroepenes) in groepsverband en in die objektiewe sin van die woord (bv. Openbaring: Skryf aan die leraar van die kerk te Efese).

Die woord, *ekklesia*, dui die kerk in verskeie verbande aan: die *ekklesia* te Efese (lokale of plaaslike kerk/gemeente); kleiner groepe gelowiges wat saamkom (bv. ‘n soort huiskerk); die sewe *ekklesiai* (verskeie lokale kerke selfstandig naas mekaar in ‘n bepaalde gebied), die *ekklesia* (die een universele kerk). Aanvullend hierby is daar ook ander woorde en beelde wat gebruik word om die “kerk” in al sy nuanseringe te beskryf (*soma, laos, kuriakos*, ensomeer).

Die saambindende faktor van die *ekklesia(i),* in plaaslike of breër verband, was die **heerskappy van Christus oor Sy Kerk.** Dit het aanvanklik gestalte gekry

deur die **apostels as leiersfigure** en **die leer** wat hulle verkondig het. Dit wil sê, die saambindende faktor was ten diepste dat die kerk (e) aan Christus behoort het, volgens Sy leer geleef en Hom gehoorsaam het. Hierdie is 'n belangrike perspektief om vas te hou vir die verstaan van die wese en bestaan van die *ekklesia* in die wêreld: Die kerk word deur Christus self regeer. Die saambindende faktor is dus nie in die eerste plek die kerkorde nie (dit is uitdrukking van die verband), maar ons belydenis rondom Christus en Sy liggaam. Ons moet dus versigtig wees om kerk-relasies in terme van 'n juridiese raamwerk te betoog!

Die bestaan van die *ekklesia* in die tyd na die apostels is juis gekenmerk en gerig deur die soeke na die gesagvolle leiding van en gehoorsaamheid aan die Here self. Talle latere ontwikkelings moet veral teen hierdie agtergrond verstaan word (bv. die vasstelling van die kanon, die ontstaan van die belydenisse, vroeë "kerkordes" soos die Didache en die ontwikkeling van die biskopamp). Meeste van hierdie ontwikkelings binne die breë verband van die *ekklesia* het plaasgevind of is begin lank voordat die eerste "sinode" plaasgevind het !

Prinsipiële uitgangspunte t.o.v. die kerk :

2.1.1. **Klem op God se werksaamheid.**

Die klem in die siening, verskynsel en eksistensie van die kerk (O en NT) is prinsipieël nie op die kerk self nie, maar op die Skepper van die kerk (hetsy God, hetsy God in Christus, hetsy die Gees). Die kerk, in watter uitdrukkingsvorm ookal, word gekonstitueer deur God en sy genadige werksaamheid in Christus en deur die Gees. In hierdie opsig het die gereformeerde vaders dit goed raakgelees en geformuleer (HK V&A 54; Dortse LR hfst 1 (7,8) en hfst 2 (8,9); NGB art. 27, 28). 'n Kerk, in watter saamgestelde hoedanigheid, wat hom nie deur sy Hoof laat lei nie, is per definisie nie kerk nie.

2.1.2. **Klem op die heerskappy van Christus**.

Die Skrif verwoord of verduidelik nie die kerk eksplisiet in terme van kerklik-relasionele debatte nie. Die punt is byvoorbeeld nie of die kerk in Efese in verhouding met kerk te Kolosse staan nie. Die punt is ook nie of die kerk te Efese meer sê as die kerk te Jerusalem het nie. Die punt is ook nie of die kerk te Korinte meer kerk is as die vergadering van kerklike verteenwoordigers te Jerusalem (Hand 15) nie. Die soort vrae, vanweë die gemeenskaplike oorsprong en Hoof van die kerk, was nie op die tafel nie. Die punt was eerder of die kerk te Efese in hulle doen en late, asook die kerk tydens die vergadering van Handelinge 15, hulle deur God laat lei het.

2.1.3. **Klem op die plaaslike gemeente as *ekklesia*.**

Kronologies, histories en prakties (lokaliteit, kultuur, ens.) gesproke vind ons die *ekklesia* primêr en eerstens in die gestalte van die lokale groep van gelowiges, in ons terme die gemeente. Eers die kerk in Jerusalem, dan in ander lokaliteite. Die gemeente/plaaslike kerk blyk volgens die Skrif *ecclesia completa* (volledige kerk) te wees.

2.2. Die kerkverband.

Die feit dat die plaaslike kerk *ekklesia completa* is, sluit egter nie die verband of verbondenheid met ander gemeentes uit nie. Die plaaslike gemeente is nie die enigste of die volledige openbaring van die *ekklesia* nie en is dan uiteraard ook nie outonoom in die letterlike sin van die woord nie. Trouens, dit is uit die N.T. duidelik dat daar van vroeg af 'n bepaalde verband/verhouding bestaan het tussen die kerke soos hulle op verskillende plekke ontstaan het. Juis omdat die gemeente in Jerusalem aan die Here behoort en die gemeente in Antiogië aan dieselfde Here behoort, is daar 'n verhouding en 'n gemeenskaplike band tussen hulle (Ef.4:4,5) en daardie band het reeds vanaf die vroegste tye uitdrukking gevind.

2.2.1. Vroeë gestaltes van kerkverband:

⊖ **Die byeenkoms in Handelinge 15.**

Handelinge 4:23-5:11 beskryf die ekklesia (5:11) in verskeie praktiese gestaltes. Die *ekklesia* kom saam, beraadslaag saam, bid saam, ensomeer. Handelinge 8:1-4 beskryf weer die vervolging van die *ekklesia*. Die Handelinge 15 byeenkoms word egter nie oor die boeg van *ekklesia* gegooi nie. Die byeenkoms word beskryf as 'n vergadering met afgevaardigdes van twee onderskeibare *ekklesiai*, die te Jerusalem en die te Antiogië. Hier word 'n vraagstuk hanteer (15:2, 6) wat al die gelowiges raak en ook 'n besluit geneem en op skrif gestel (15:23 e.v.). Daar is dus onderskeid tussen kerkwees en vergaderings tussen kerke by wyse van afgevaardigdes.

Hierdie vergadering sou waarskynlik nie sonder teenspraak as 'n "sinode" beskryf kon word soos soms breedweg gedoen word nie. Die gemeentes wat in daardie tyd reeds bestaan het, was in elk geval nie almal by wyse van afgevaardigdes verteenwoordig nie. Die vergadering was wel 'n uitdrukking van die verband/eenheid wat daar van die begin af tussen die lokale kerke was. Die besluite van die vergadering is dan ook as riglyne aan al die gelowiges op die verskillende plekke waar hulle was, deurgegee.

⊖ Die Skrif laat ook blyk dat die lokale kerke nie maar net algemene kerk was nie. **Attestate/aanbevelingsbriewe** is oor en weer gebruik omdat die volledigheid van die lokale kerk aanvaar is. Daar is ook onderskei tussen verskillende "gemeentes" (Hand 14:21-23).

⊖ Die **stuur van algemene briewe** aan al die kerke (bv. Jakobus, Petrus, Openbaring), asook die **verwisseling van briewe** wat ontvang is deur die gemeentes onderling.

⊖ Die **onderlinge barmhartigheid** waar daar in die verskillende gemeentes insamelings gehou is vir 'n gemeenskaplike doel, nl. die ondersteuning van die arm gelowiges in Jerusalem.

⊖ Daar is ook uit die briewe in die N.T. af te lei dat **'n aantal sake breedweg aan verskillende gemeentes op dieselfde wyse voorgehou** word, byvoorbeeld die riglyne vir ampsdraers, gebruik van gawes, ensomeer, wat ten minste die praktyk in verskillende kerke langs dieselfde basiese lyne wou vestig.

⊖ Die figure van die **apostels/kerkleiers** wat dikwels tussen die gemeentes rondgegaan het, is ook ‘n aanduiding van ‘n gemeenskaplike verhouding tussen die plaaslike kerke.

2.2.2. Perspektiewe op die kerkverband uit die tyd na die apostels tot en met die eerste konsilie (Nicea 325 n.C.)

Vanaf die apostoliese-vader era tot in die 4 de eeu was die relasie tussen lokale kerke, as manifestasies van die *ekklesia*, kollegiaal, dit wil sê spontaan soos wat omstandighede dit nodig gemaak het en nie amptelik gestruktureer nie. Die samebindende faktor was steeds die oorgelewerde leer. Die geloofsbelydenis van Nicea verwoord hierdie stand van sake as dit verklaar: ‘Ons glo aan een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.’

Dis opmerklik dat daar vir bykans drie eeue geen formele of amptelike organisasie van die kerkverband was nie. Dit wil egter nie sê dat daar geen verbondenheid of gemeenskaplikheid tussen die kerke was nie. Op talle maniere en deur verskillende omstandighede genoodsaak, het die verband tussen die kerke geblyk:

⏩ **Die leiersfigure**. Na die era van die apostels het die kerkleiding, met gepaardgaande stryd, uiteindelik gevestig in die figuur van die biskop. Hierdie stryd het hoofsaaklik sentreer rondom die kwessie van wie gesagvol in die naam van die Here kon praat en onderrig. Die ontstaan van die Montaniste en die verskille wat oor die leiding van die Gees navore gekom het, was sake wat al die gemeentes geraak het. In hierdie verband is daar verskeie briewe van die kerkvaders/plaaslike biskoppe aan ander biskoppe en gemeentes (Bv. Clemens Romanus aan die Korintiërs) wat ‘n aanduiding is van ‘n bepaalde verbondenheid tussen die kerke, al is dit nie moontlik om die aard daarvan volledig vas te stel nie. Daar is ook bewyse dat daar in die tweede eeu reeds vergaderings van die biskoppe gehou is rondom belangrike kwessies (Bv. die vasstelling van die Kanon in die tyd van die stryd rondom Marcion).

⏩**Formulering van die Belydenis**. Juis die aanslag teen die leer van die Kerk (bv. die Gnostieke dwaling), het dit genoodsaak dat daar oor ‘n basiese belydenis van die Christelike geloof duidelikheid moes wees. Daar is aanduidings dat reeds in 100 n.C. so ‘n doopbelydenis in gebruik was wat waarskynlik ‘n paar eeue later sy finale beslag in die bekende Twaalf Artikels sou vind.

⏩**Vasstelling van die Kanon**. Die stryd om in die waarheid van Christus te bly, het die kerke se verbondenheid aan mekaar laat blyk. Die gesagvolle Woord van die Here soos dit neerslag vind in die kanon was teen 200 n.C. grotendeels reeds vasgestel, al sou dit bykans twee eeue later eers amptelike sanksie by ‘n Konsilie kry (in 380 n.C.).

⏩**’n Basiese Orde vir die gemeentes**. Die Didaché (Onderwysing van die twaalf apostels), ‘‘n kerklike handboekie wat, naas morele voorskrifte ook bepalings oor die kultus en die ampte in die gemeente bevat’ (Bouwman, soos aangehaal deur Kleynhans), was reeds teen die einde van die eerste eeu in gebruik by kerke en verwysings hierna kom voor by Eusebius, Athanasius en andere.

2.2.3. Die ontwikkeling en uiting van die kerkverband in terme van die N.G. Kerk in Suid-Afrika.

Dis interessant dat die kerke plaaslik vir meer as 150 jaar bestaan het voordat daar in 1824 vir die eerste maal as Sinode vergader is! Dit wil egter nie sê dat daar geen kerkverband of enige uitdrukking daarvan tussen die gemeentes was nie. Soos die gemeentes gestig is oor tyd, het die verband onderling wel op 'n manier gestalte gekry (alhoewel dit grotendeels bemoeilik is deur afstand en vervoer): - kerkordelik (vanweë die feit dat die Kaapse gemeentes onder sorg van die klassis Amsterdam ressorteer het) en gevolglik deur visitasie, konsulentskappe, oor en weer besoeke en enkele gesamentlike vergaderings.

Vanaf die eerste sinode in 1824 is die kerkverband meer formeel gestruktureer en gevestig, en het dit ontwikkel tot die gestalte wat dit huidiglik in Suid-Afrika het.

2.2.4. Die verhouding gemeente/kerkverband.

Wanneer die bestaan van die Kerk in plaaslike gestalte, sowel as die kerkverband, erken word as uitdrukking van die ekklesia, ontstaan uiteraard die vraag na die verhouding tussen die twee. Daar is twee gereformeerde gedagterigtings (kerklike bane) in hierdie verband.

Gemeente en kerkverband word beide as noodsaaklike uitdrukking van die kerk se bestaan beskou.

Ekklesia is 'n aanduiding van die gemeente sowel as die kerkverband wat albei institutêr (ingestel/ingerig) en korporatief (georganiseer in 'n eenheid met selfstandige bevoegdhede) van aard is. Nie een van die twee is 'n saak van willekeur nie en beide is van belang vir die welwese van die kerk (die een vir die gelowiges en die ander vir die gemeentes). Miskien moet dit fyner genuanseer word deur te sê dat beide hierdie gestaltes tot die wese van die *ekklesia* behoort. Hierdie is die beskouing van die gereformeerde vaders (vgl. NGB 32).

Hierdie siening is nie verwant aan die sogenaamde kollegialisme nie. Laasgenoemde beskou gemeentes as onderdele van die kerk as vereniging, met ander woorde die kerkverband geniet voorrang bo die plaaslike kerk. Die kollegialisme leer dat die kerk nie van Goddelike oorsprong is nie, maar bloot ontstaan omdat mense verkies om hulleself so te verenig en gemeentes te vorm.

Kerkverband is nie noodsaaklik vir die uitdrukking van die kerk se bestaan nie.

Ekklesia dui volgens hierdie mening slegs op die plaaslike gemeente. Kerkverband vorm dus nie 'n selfstandige instituut nie, maar **slegs 'n verhouding** waarin die gemeentes met mekaar staan. Hierdie siening is meer die Gereformeerde Kerke in SA en die independentistiese kerkregeringstelsel se standpunt.

Heyns se definisie van kerkverband is belangrik vir die huidige besinning :

'Kerkverband . . . sou in die algemeen omskrywe kon word as die vaste en blywende gemeenskap waartoe kerke met volle behoud van hulle eie selfstandigheid vrywillig toetree en met erkenning dat in dié gemeenskap

Christus deur Sy Woord en Gees die alleenheerskappy voer' (Heyns, Die Kerk:175).

Hierdie definisie stem ooreen met **Nauta** se siening (Christelike Ensiklopedie 4:234). Hy beklemtoon egter dat hierdie gemeenskap 'n vaste en blywende verbintenis is en dat juis die verbintenis die onhoudbaarheid van die Independentistiese standpunt regstel. Hy beklemtoon verder dat hierdie verbintenis inhou dat plaaslike kerke, alhoewel volledig kerk, tog vir gemeenskaplike sake op mekaar aangewys is as uitdrukking van die eenheid van die liggaam van Christus wat deur die kerk bely word.

Dit moet opgemerk word dat die uitklaring van kerklike (gesags-) relasies, rolle en eenheidstrukture in 'n groot mate 'n meer kontemporêre (na-bybelse) praktiese probleem is. Die belangrike Skrif-uitgangspunt is dat gemeente en kerkverband nie teenoor mekaar staan nie, maar saam in diens van die Koninkryk is. Die verhouding moet **nie in terme van pole of dualisme** verstaan word nie. Dit moet eerder in terme van 'n **noodwendige, gemeenskaplike goddelike oorsprong en syn (dus ook same-syn) in Christus** gesien word.

Hoe dit ookal sy, kerkverband is deel van die kerk se bestaan in die wêreld en hierdie verband vind uitdrukking en gestalte in 'n wye spektrum van aktiwiteite, gebruike en gemeenskaplike besit. Die geskiedenis leer dat 'n gebrek aan of onderwaardering van die kerkverband in die reël tot gevolg het die outoritêre optrede van ampsdraers, onderlinge twiste wat nie tot beslegting kom nie, disintegrasie van belydenis in teorie en praktyk en soms ook ingryping deur die owerheid !

2.3. Die Sinode.

2.3.1. Skriftuurlik

Om die reg van die bestaan van sinodes vanuit die Skrif te fundeer, is effens anachronisties. Daar is verskil van mening oor die wese van die samekoms in **Handelinge 15** (die matriks gedeelte) en dus die implikasies van die gebeure vir ons verstaan van die sinode vandag. Daar is reeds na hierdie vergadering verwys (2.2.1). Die meeste wat 'n mens op verantwoordelike wyse hier kan aflei, is dat:

- 'n Saak wat die hele kerk (onderskeie gemeentes) raak die byeenkoms genoodsaak het. Die saak was in belang van die uitbreiding van die koninkryk en om verdeeldheid aangaande die evangelieboodskap te verhinder.
- Dit belangrik was om mekaar te vind en 'n verstandhouding (besluit) te ontwikkel waarmee almal kon saamleef.
- Dit belangrik was dat God se wil hierin manifesteer, nie eiewilligheid nie.
- Die partye afgevaardigdes gestuur het wat hulle gemeen het hulle verteenwoordig.
- Die gesprek/vergadering genoodsaak was deur die implisiete eenheid. Hulle het nie vanweë welwillendheid, eksterne dwang of 'n gees van samewerking vergader nie.
- Die besluite na afloop van die vergadering as geldend vir al die gemeentes deurgegee is.

Heyns merk op dat die vergadering ‘n unieke karakter gehad het, in die sin dat dit ‘n **openbaringsinstrument** (sy beklemtoning) was omdat die finale besluit gesien is as Woord van God en geldig vir die kerk van alle tye. Dieselfde sou sekerlik nie van enige ander meerdere vergadering se besluite gekonstateer kan of mag word nie!

Dit spreek vanself dat soos die kerk sou groei (getalle/gemeentes) en nuwe uitdagings/omstandighede moes deurstaan, dieselfde verskynsel van Handelinge 15 (saamkom en vergader) hom om dieselfde redes sou herhaal en vanweë die frekwensie struktureel sou vasmaak en vestig. Of dit deur sinodes, konsilies, konvente of rade sou wees, het doodgewoon afgehang van gemeentes se kerkbegrip. Die gelowiges sou altyd besef en prakties ervaar dat die kerk meer as die indiwidu of die indiwiduele gemeente of die indiwiduele kerkverband is.

2.3.2. Die sinode as ‘n ontwikkeling binne die kerkverband

Die eerste ekumeniese vergadering geskied eers in 325 n.C. te Nicea en wel op bevel van die keiser! Die eenheid van die Romeinse ryk en nie van die kerk nie, was die dryfveer. Dit was ook nie ‘n formele vergadering van ‘n kerkverband nie, eerder die verskeie plaaslike gestaltes van die kerk wat in ‘n vergadering saamgekom het.

Vanaf die **helfte van die 5 de** eeu blyk dit uit briewe van Leo I (biskop van Rome) dat hy Rome as sentrum van die Christelike kerk sien. Die **primaat van Rome** en die gedagte van een katolieke kerk manifesteer almeer. Hierdie tendens word in die Weste voltrek tydens die Middeleeue.

In die 16 de eeu vind die **Reformasie** plaas met gepaardgaande nuanseringe aangaande kerk, kerkverband, ensomeer. Die eerste uiting van kerkverband binne die gereformeerde tradisie in die vorm van ‘n sinode was in 1559 (Franse sinode te Parys). Sedertdien het Sinode, as ‘n uitdrukking van die kerkverband, gevestig, ook later in Suid-Afrika (1824 - Sinode van die Kaapse kerk). Histories-gereformeerd gesproke was dit die gemeentes wat deur middel van hulle afgevaardigdes in kerkverband getree het. Die behoefte het dus by die gemeentes gelê. Gemeentes het besef dat hulle nie die hele kerk (ecclesia universalis) uitmaak nie. Gemeentes het besef dat hulle ‘n syn (oorsprong, taak, gemeenskaplikheid en verantwoordelikheid) met mekaar deel. Die Sinode het dus gegroei uit ‘n bewustheid van die eenheid van die kerk en ter wille van die bystaan van mekaar in moeilike tye. Op RSA bodem is die term sinode van die begin af ingeburger in plaas van ‘n wisselterm soos konsilie.

Huidiglik word daar landswyd binne die N.G. konteks indringend besin oor eietydse gestaltes van die Sinode, asook die mees effektiewe manier waarop kerklike behoeftes binne die kerkverband ondervang kan word. Die hoofpunte van die huidige besinning in die verskillende sinodale streke is by die Sinodale Kantoor beskikbaar.

2.3.2.1. Definisies

Die Christelike Ensiklopedie (artikel van Nauta) onderskei tussen ***Konsilie*** *en* ***Sinode*** *en definieër:*

'n ***Konsilie*** *as 'n byeenkoms van kerklike aard wat ten doel het om kerklike aangeleenthede te behandel, in besonder sake rakende die leer, die inrigting (orde en struktuur), die kultus (wyse van aanbidding en erediens) en die tug (eie verduidelikings in hakies). Hierdie werkswyse was van vroeg af deel van die kerklike bestaan en is later meer formeel gestruktureer en het 'n dwingende en bindende karakter verkry. Waarskynlik sou ons die ontstaan van 'n Sinode as 'n later ontwikkeling van die konsilie kon verstaan.*

Sinode is die term wat gebruik word vir die kerklike vergadering wat die gemeenskaplike sake behartig van kerke wat in 'n bepaalde kerkverband saamleef.

Vir die doeleindes van behoorlike funksionering, moet ons dus die sinode verstaan as iets wat ontwikkel het as 'n bepaalde uitdrukking van die kerkverband. Die sinode se bestaan is 'n positiewe Goddelike reg (vervat in die aard van die *ekklesia*) en wedersydse toestemming/ooreenkoms van die deelnemende gemeentes is noodsaaklik. 'n Meer juridiese vertrekpunt wil ook hê dat die grondslag vir 'n sinode deur 'n derde saak gevorm word, naamlik afvaardiging. Hierdie aspek is egter debateerbaar en word verder, by afvaardiging, ondervang.

2.3.3. Aard en Karakter van die Sinode

Vanuit die historiese gegewens is dit duidelik dat 'n sinode verstaan moet word as 'n bepaalde uitdrukking van die kerkverband. **Sinode en kerkverband is nie gelyk aan mekaar nie,** aangesien daar talle uitdrukkings van die kerkverband kan wees naas 'n sinode (reeds verwys na by punt 2.2.1 en 2.2.2.). Die ontstaan van die sinode het egter 'n bepaalde behoefte van gemeentes wat in verband met mekaar leef, dus binne die kerkverband, ondervang, om wel op 'n bepaalde wyse sekere gemeenskaplike sake onderling te behandel en te besluit (KO Art. 21). Die Sinode is dus nie 'n kerk in die sin van Art. 27 van NGB nie, wel 'n vergadering waardeur die kerk in breër verband handel.

Tradisioneel en histories vind hierdie uiting van die kerkverband plaas by wyse van **vergadering en gesamentlike besluitneming**. 'n Sinode word daarom gedefinieer as 'n regsgeldige meerdere **kerkvergadering** bestaande uit ampsdraers wat deur 'n mindere kerkvergadering afgevaardig word met die doel om 'n vasgestelde agenda kragtens die bevoegdheid van die vergadering in behandeling te neem en af te handel (Stegmann:4). 'n Sinode is dus 'n **samekoms van gemeentes deur middel van afgevaardigde ampsdraers** (Stegmann:5). Die elemente van **samekoms** en van **afvaardiging** staan vas. Ampsdraers neem nie in eie bevoegdheid sitting nie, maar word deur gemeentes in die posisie geplaas om deel van die vergadering te wees.

2.3.4. Afvaardiging vir die sinode.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die sinode die vergadering van die gemeentes is. Gemeentes word verteenwoordig deur afgevaardigdes en gemeentes is dus die subjek van die afvaardiging. Afvaardiging, vanweë ons kerkbegrip (kerkregering), geskied deur die kerkraad en bestaan uit lede van die kerkraad

(ampsdraers). Die Kerkorde van die tagtigerjare (Art. 33) weerspieël die siening dat meerdere vergaderings hoofsaaklik die kerkregering dien (maak beleid).

Die afvaardiging en samestelling van die vergadering (sitting) mag egter nie meganies verstaan word nie. Die sinode is 'n meerdere vergadering, saamgestel deur die afgevaardigdes. Maar die verhouding is nie staties (polêr) asof die afgevaardigde letterlik net kan sê en doen soos deur die kerkraad voorgeskryf nie, of andersom, tydens sinode sy teenstem kan laat aanteken en daarmee meen sy kerkraad is nie gebind aan 'n besluit nie. **Die konteks waarbinne die kerk (kerkraad, ring, sinode) vergader is nie die van regte en posisies nie, maar is christokraties van aard**. Alhoewel die sinode by wyse van afvaardiging saamgestel word, neem die vergadering ook die gestalte aan van gelowiges wat hulle deur Christus, sy Woord en sy Gees laat lei. Die vergadering verkry dus in eie reg 'n karakter van die heerskappy in Christus. Indien besluite van 'n meerdere vergadering in stryd sou wees met die Woord (Belydenis, ens.), is daar meganismes wat die plaaslike kerkraad kan gebruik om appèl aan te teken. Verder is dit so dat meerdere vergaderings veronderstel is om slegs sake te hanteer wat nie by mindere vergaderings afgehandel kon word nie.

Afvaardiging vorm dus 'n kenmerk van 'n sinode, maar nie noodwendig die grondslag daarvan nie. Die karakter van 'n sinode word nie volledig deur die afvaardiging bepaal nie, maar deur Christus. Die grondslag van die sinodale gesag is ook nie slegs in die afvaardiging geleë nie, maar of Christus gehoorsaam word en of die sinode getrou bly aan sy werksterrein (kerkordelike funksie. Vgl. artikels 20.1 en 21; ook 32 en 33).

Volledigheidshalwe word by hierdie besinning oor bepaalde begrippe ook enkele opmerkings gemaak oor die kerkregering en die gesag van Christus oor Sy kerk:

2.4. Kerk en gesag (kerkregering).

Verskillende stelsels het deur die loop van die eeue ontstaan. Almal hier vermeld erken Christus as absolute hoof en gesag van die kerk.

Vir 'n meer volledige uiteensetting van die verskillende moontlikhede en stelsels, is daar omvangryke gegewens en inligting beskikbaar (vgl. bv. Kleynhans pp.64-90, Stegmann pp.38-42).

★ **Roomse/pouslike stelsel.**

Christus regeer indirek via die pous. Gesag sentreer in die pous. Hierdie stelsel is streng hierargiese. Die kerk word bokant die staat verhef.

★ **Lutherse/territoriale stelsel.**

Die nasionale of landskerk vorm die vertrekpunt. Die kerk is aan staat onderwerp. Tradisioneel berus gesag by die landvors, bygestaan deur konsistories (saamgestel deur gods- en regsgeleerdes).

★ **Kollegiale stelsel.**

Die kerk is 'n vereniging naas ander verenigings in die samelewing omdat dit nie van goddelike oorsprong is nie. Gemeentes is dus onderdele van die kerkgenootskap. Gesag daal nie van Christus af neer in die kerk nie. Gesag berus op indirekte wyse by die meerderheid van die lede van die genootskap.

★ **Independentistiese/kongregasionalistiese stelsel.**

Die uitgangspunt hier is nie die plaaslike kerk nie, maar kongregasies of aparte groepe gelowiges. Aparte groepe is die gevolg van willekeur en word nie kerklik gereël nie. Geen ampte (bv. ouderlinge) bestaan nie. Gesag berus by die gelowiges as aparte groep. Sodanige kongregasies moet in eie kring heeltemal onafhanklik wees. Kerkverband as konsep word dus verwerp.

★ **Gereformeerde/presbiteriaal-sinodale stelsel.**

Die uitgangspunt hier is die **plaaslike kerk**. Die plaaslike kerk is 'n verband van lidmate wat kragtens die uitverkiesende genade van God tot diens in die gemeente geroep is, saam met die geroepe ampsdraers.

In ooreenstemming met die Woord tree plaaslike kerke toe tot die kerkverband.

Kerklike gesag berus by die kerke self wat dit uitoefen deur ampsdraers in die plaaslike kerkraad en/of gesamentlik in die meerdere vergadering, elkeen met sy omgrensde bevoegdheid sodat een vergadering nie oor 'n ander heers nie (vgl. kerkorde artikels 18-22).

Die kerk funksioneer selfstandig naas die staat.

2.5. Die regering van Christus oor Sy kerk

Daar is oor hierdie saak drie basiese standpunte wat slegs vir volledigheid kortliks hier vermeld word. Christus regeer :

- Onmiddelik (direk sonder enige persoon of middel. Vgl. die independentiste.)
- Middelik (indirek, bv. deur die pous of biskop)
- Middelik deur die Woord en sakramente, sowel as onmiddelik deur die Heilige Gees. Laasgenoemde is die uitgangspunt van die presbiteriale vorm van kerkregering en veronderstel uiteraard ook mense om die middele te hanteer (hier kom die ampte in spel).

Daar is sommige wat meen dat kerklike gesag by die gemeente geleë is (Calvyn, Keet, Voetius, NG Kerk). Die gedagte is min of meer dat die gemeente eers tot stand kom en dan volg ampsdraers. Die Sinode is dus 'n vergadering van gemeentes by wyse van hulle afgevaardigdes. Ander meen weer dat die kerklike gesag by die amp geleë is. Spoelstra (ook die Herv. Kerk) wys daarop dat die diens van die Woord (die amp) die gemeente voorafgaan (Rom 10:14-15 se orde). Leraars kan dus kragtens hulle amp as sodanig, sonder afvaardiging, sitting in 'n sinode neem.

Die probleem met laasgenoemde siening is dat die amp en ampswerk verhef word tot 'n doel insigself terwyl dit in die Skrif funksioneer met die oog op vorming/toerusting van die gemeente. Ampte is deel van die gemeente, nie iets bo of naas die gemeente nie.

3. Rigtinggewende Opmerkings.

Vervolgens word vanuit die prinsipieël/historiese perspektiewe, enkele opmerkings gemaak om die huidige proses van besinning oor die sinode te begelei en aan te help:

3.1. Begripsverwarring.

Ons sal, vir ‘n sinvolle aanpak van die pad vorentoe, bepaalde begrippe moet uitklaar. Wanneer daar van “sinode” in die algemene spreektaal gepraat word, word dit dikwels gebruik in die sin van die algemene kerkverband in Natal. Die begrip “sinode” word ook dikwels in ons gebruik ‘n abstraksie. Ons sê maklik “die sinode” het so gesê of gedoen, intussen is dit ‘n sinodale amptenaar of ‘n predikant in die sinodale kerkverband.

Dis duidelik, gemeet aan die prinsipieël/historiese uitgangspunte, dat die begrip Sinode binne N.G. verband ontwikkel en gegroei het tot ‘n baie meer omvattende en gelade term. So praat ons van Sinodale amptenare, Sinodale projekte, Sinodale kantoor, Sinodale skuld, Sinodale gebied, ens. ens. Dis amper asof die Sinode vir die N.G. Kerk die totale uitdrukking van die kerkverband geword het en daarom worstel ons nou om die totale spektrum van die kerkverband in die Sinode as vergadering te akkomodeer! (koinonia, diakonia, leitourgia ens.)

Ons sal in terme van ons uiteindelike aanbevelings die gebruik van terme duidelik moet omskryf en definieër. Om die woord sinode aan elke werksaamheid van die kerkverband in Natal te koppel, skep juis die indruk dat alle vorme en gestaltes van die kerkverband “sinodaal” is en moet wees. Die sinode verkry dan uiteraard ‘n statuur wat ‘n grootheid in sigself en bokant die plaaslike kerke suggereer (Kollegialistiese trekke). Miskien moet ons nuwe terme skep/invoer wat aan die kerkverband uitdrukking gee, sonder dat die woord sinode oral in spel kom (vgl. 3.5. hieronder).

3.2. Ander moontlike uitdrukkings van die kerkverband

Die sinode as amptelike vergadering kan tereg nie die enigste uitdrukkingsvorm van die kerkverband (vaste en blywende verhouding) wees nie. In die verlede was daar nie soveel behoefte om die verhoudingsaspek prioriteit te gee nie. Die behoefte het egter verander. Of die tradisionele en historiese karakter van die sinode as vergadering verander moet word om die behoefte te ondervang, is egter ‘n vraag.

Die Sinode het histories ‘n bepaalde karakter gehad, nl. ‘n vergadering, m.a.w. ‘n geleentheid wat geskep is sodat sekere gemeenskaplike sake van algemene belang vir die deelnemende kerke behandel kon word. Prinsipiële besinning was ‘n wesentlike deel van so ‘n vergadering. Indien ons hierdie karakter wil behou (sien 3.3. hieronder), sal ons moontlikhede en alternatiewe aan die hand moet doen om, buiten die Sinode vergadering uitdrukking te gee aan die eietydse behoeftes wat in die kerkverband bestaan.

Die **Kerkverband** as *ekklesia,* sowel as die vaste en blywende verhouding tussen plaaslike *ekklesiai*, is uiteraard meer omvattend as slegs amptelikheid, bestuur en besluitneming wat eie aan ‘n vergadering is. Ander meer gepaste vorme van uiting om juis die omvattendheid van die

breër verhouding uit te druk, moet bedink en geskep word. Hier kan dit nie om amptelike vergaderings of afvaardigings gaan nie omdat ‘n groter geheel ter sprake is. Dit dien geen doel om aan die verhouding uitdrukking te gee, slegs deur drie lidmate van elke gemeente saam te trek in ‘n vergadering nie. Die totale uitdrukking van die kerkverband kan tog nie gestalte binne die sinodevergadering vind nie! Die behoeftes van gemeentes moet bepaal watter soort aktiwiteite en verhoudingsgestaltes geskep moet word. Getalle sal dalk vereis dat die sinodale ressort vir die doeleindes in drie subgroepe moet funksioneer. **Ringe** kan en moet ook ‘n meer pertinente rol in hierdie behoeftes speel. In ieder geval sal behoefte en nie reëlings van bo-af nie, die deurslag moet gee.

3.3. Behoud van die historiese karakter van die sinode.

Ons sal vir doeleindes van hierdie besinning, baie duidelik die **onderskeid tussen kerkverband en die sinode as ‘n vorm van uitdrukking van die kerkverband,** moet vashou. Wanneer die totale kerkverband sy wese en uitdrukking in die Sinodevergadering moet vind, gaan dit uiteraard die karakter van die Sinodevergadering grotendeels beïnvloed en bepaal, want al die verskillende aspekte moet dan ondervang word.

Die **sinode** behoort te bly wat dit tradisioneel was: **‘n Amptelike vergadering** waarin kerke van die kerkverband as gelykes sake van gemeenskaplike belang hanteer by wyse van afvaardiging. Uiteraard sou daar sekerlik, om eietydse behoeftes te ondervang, aspekte soos aanbidding, gemeenskap en toerusting by die vergadering ingewerk kon word. Die basiese elemente van ‘n kerklike vergadering, nl. **prinsipiële besinning** en die **soeke na die leiding van die Here uit die Woord**, **standpuntstelling, debatvoering en besluitneming** volgens **‘n vasgestelde agenda**, is egter wesenlik aan die karakter van ‘n sinodevergadering en moet behou word.

Die **frekwensie** van die sitting (bv. elke vier jaar) sal uiteraard bepaal word deur die karakter wat die sinode in die toekoms het. Indien die vergadering die hoofklem is, hoef dit nie meer gereeld as tans plaas te vind nie. Dan kan ander vorme van gemeenskap binne die kerkverband behoeftes tussen vergaderings ondervang.

3.4. Die karakter van die afvaardiging na die sinode

Om te vra of die samestelling van ‘n sinode verteenwoordigend is van bepaalde belangegroepe binne die kerk (hoeveel vrouens, jongmense, ens. is verteenwoordig), is ‘n kontradiksie in terme. Die afgevaardigdes **verteenwoordig die gemeentes**, nie bepaalde groepe binne die gemeente nie. In die *ekklesia* is dit juis nie meer belangrik of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie - dis ‘n gemeenskap van gelowiges. Wanneer die gemeente sy afgevaardigde ampsdraers stuur, is dit ook nie meer van belang wat hulle werk, ouderdom of geslag is nie. Die denkfout is weereens dat ons die Sinode as die totale uitdrukking van die kerkverband wil sien.

Hier moet gewaak word teen kollegialisme. Prinsipieel sien ons Christus se regering deur sy Woord en Gees (direk) in korrelasie met die ampte (indirek). Wanneer dit kom by kerklike bestuur en regering mag ons nie maar verval in ‘n populêre opvatting van alle geslagte, ouderdomme, ens. moet insette gee en deelneem aan besluite nie. Dit gebeur kerkordelik deur die ampte aan wie die regering en toerusting van die gemeente/kerk (ook Skriftuurlik) toevertrou word. In elk geval is dit die gemeentes wat afvaardig en nie die sinode nie (vgl. Kerkorde atikels 32 en 33).

3.5. Die pad vorentoe : begripsverheldering, struktuur en werkswyse.

Vanuit die opmerkings wat reeds gemaak is, sou die volgende as voorstel kon dien om sinvol gestalte te gee aan die funksionering van die sinode :

3.5.1. Begripsverheldering.

Om die vermenging van betekenis in terme van kerkverband en sinode in 'n mate te ondervang en terselfdertyd die gebruik van die terme in algemeen populêre sin te akkomodeer, sou die volgende as begrippe omskryf moet word. Die uitgangspunt is dat ons behalwe vir die kerkverband (wat ook buite die sinode as vergadering bestaan), die term sinode/sinodaal slegs koppel aan sake wat direk verband hou met die sinodevergadering en wat daaruit voortvloei:

➢ **Sinodale kerkverband:** verwys na die vaste en blywende verhouding tussen al die N.G. gemeentes in die betrokke gebied (in ons raamwerk dus Kwazulu-Natal)

➢ **Sinodevergadering** verwys na die **vergadering** (tradisioneel die sitting) van die gemeentes van die kerkverband by wyse van hulle afgevaardigdes.

➢ **Sinodale werksaamhede** verwys na die ooreengekome, gesamentlike aktiwiteite van die kerkverband wat voortvloei uit die sinodevergadering. Hierdie werksaamheid word bepaal deur wat prinsipieël by die sinodevergadering tuishoort en daar besluit is, asook deur praktiese oorwegings soos bekostigbaarheid, uitvoerbaarheid, ensomeer. Hierdie werksaamhede kan 'n voortdurende/permanente karakter hê in terme van langtermyn aktiwiteite, of 'n ad hoc karakter in terme van sake wat uitgevoer en afgehandel word. (Kerkorde artikel 35).

Onder sinodale werksaamhede sou dan die volgende ressorteer :

Sinodale kantoor: Personeel en werksaamheid in geheel gesien.
Sinodale amptenare: Enige werknemer wat deur besluit van die sinodevergadering permanent in diens geneem word om bepaalde take uit te voer en te bestuur.
Moderamen: Die kommissie wat deur die sinodevergadering aangewys word om bepaalde sake tussen vergaderings te hanteer.
Kommissies van die sinode (Sinodale kommissies): Kommissies wie se funksies permanent van aard is.
Sinodale werkgroep: "Kommissies" wie se funksie tydelik van aard is.
Die sinodevergadering sou dit sekerlik kon oorweeg om, indien die werksaamheid van so 'n aard is dat dit prakties moontlik is, gemeentes of ringe te vra om sekere werksaamhede te bestuur eerder as om groepe uit die vergadering daarvoor aan te wys. Sodanige gemeente of ring tree dus as werkgroep op.
Sinodale werk: Werksaamhede soos deur die sinodevergadering besluit en wat permanent van aard is.
Sinodale projekte: Werksaamheid soos deur die sinodevergadering besluit wat tydelik van aard is of op 'n stadium selfstandig moet funksioneer (kampterrein).

➢ **Sinodale verhoudingsaksies:** Hierdie term verwys na 'n nuwe terrein wat ondersoek moet word in samewerking met mekaar (i.e. binne sinodale kerkverband). Hier gaan dit dan oor besluite wat die sinodevergadering neem om die behoeftes wat bestaan in terme van verhoudings tussen die gemeentes in die sinodale kerkverband te ondervang. So sou die

sinodevergadering bv. kon besluit om ‘n jaarlikse konferensie/s van die gemeentes te reël om die behoefte te ondervang dat daar ‘n gespreksforum in Natal sal wees waar jongmense, vroue, bejaardes, ens. geleentheid het om deel te neem, waar in klein groepe koinonia kan plaasvind en al dergelike dinge. Die jaarlikse predikantekursus is reeds ‘n voorbeeld hiervan en dalk sou bv. ‘n jaarlikse lidmaatkursus in sinodale kerkverband ook oorweeg kan word. Daar is talle moontlikhede.

In die verband sou dit ook belangrik wees om mekaar weer te wys op die ruimte en moontlikhede wat reeds bestaan vir hierdie soort aksies (bo en behalwe dat dit by die sinodevergadering moet gebeur, of daar gereël en besluit moet word). Die vestiging van verhoudings geskied veral op die plaaslike (rings) vlak. (Indien ons mekaar nie kan vind en bystaan op ‘n meer plaaslike vlak nie, is daar iets fout. Dit wat fout is, kan nie op ‘n meer onpersoonlike en groter vlak reggestel word nie. Dis soos ‘n man en sy vrou wat nie mekaar se behoeftes kan aanspreek nie omdat hulle verhouding nie werk nie en dan by mans en vrouens wat verder weg is die behoefte wil ondervang.)

3.5.2. Skematiese uiteensetting.

Die skematiese uiteensetting poog om die verskillende voorafgaande aspekte in ‘n werkbare struktuur te integreer. Hierbinne word sinodale aktiwiteite afgegrens tot sake wat verband hou met die sinodevergadering en besluite wat daaruit voortvloei. Naas die sinodale aktiwiteite is daar ruimte binne die breër kerkverband vir allerlei ander maniere om die vaste en blywende verhouding van die gemeentes in KZN gestalte te gee. Dit val egter buite die spektrum van die sinodevergadering en word dus nie vandaar besluit, bestuur en beheer nie. Daar is ook rekening gehou met die feit dat die NGK deel vorm van die breër kerklike opset in die provinsie, wat ook bv. die VGK sou insluit.

3.5.3. Implikasies.

Indien hierdie uiteensetting as breë werkswyse vir die toekoms aanvaar word, hou dit uiteraard allerlei praktiese implikasies in wat vorentoe aandag sal moet kry en in groter detail uitgewerk moet word. Die werkswyse van kommissies en hulle bevoegdhede, die vorm van verslaggewing en hoe dit hanteer moet word, die stel van standpunte oor aktuele sake wat opduik tussen sinodevergaderings asook die konteks vir die kerk in die provinsie en hoe dit in die sinodale werksaamhede ondervang moet en kan word, is maar enkele aspekte wat grondige besinning vereis. Om ‘n sinodale struktuur te kry wat kontekstueel/aktueel en terselfdertyd so effektief moontlik funksioneer, vereis voortgaande studie en beplanning. Daarvoor sou ‘n eie (nuwe) studie- en werkgroep vir die toekoms aangewys moet word aangesien dit nie alles in hierdie prinsipiële uiteensetting hanteer kan word nie.

DIE KERK IN KZN.



3.6. Die sinodevergadering diensbaar aan die gemeentes ?

Die vraag is wat word bedoel met diensbaar aan gemeentes? Uiteraard is die sinodevergadering na sy eie aard, karakter en funksie, diensbaar aan gemeentes in soverre as wat die vergadering met sy besinning, besluite, werksaamhede en verhoudingsaksies die gemeenskaplike belange van die gemeentes in sinodale verband behartig.

Indien die verwagting egter is dat individuele gemeentes bepaalde behoeftes het en nou moet die “sinode” hierin voorsien, skep dit allerlei probleme.

Die “sinode” as vergadering kan dit uiteraard nie doen nie. Dit is nie die doel van die amptelike vergadering van gemeentes nie. Hier gaan dit oor die gemeenskaplike belange van verskillende gemeentes wat saampraat en saambesluit.

Dit kan ook nie die gerigtheid van die sinodale werksaamheid (of sinodale kantoor) wees nie. Indien wel, sit ons met die snaakse situasie dat gemeentes meen die ander gemeentes is daar om hulle te dien. Natuurlik sou die sinodale kantoor sake vir gemeentes kon behartig soos die medies, pensioenfonds, ens. Ons moet egter in gedagte hou dat diensbaarheid in die Bybel teenoor die sekulêre verbruikersmentaliteit staan wat ten diepste selfgerig is. Vanuit die oogpunt van gemeentes en Ringe sou daar gewerk moet word met die beginsel dat ons nie

ingestel is om gedien te word nie maar om te dien. Gemeentes het skynbaar soms die onhoudbare idee dat die "sinode" 'n objek naas hulle is. Die plaaslike kerk is volledig kerk. Dit maak eerder sin dat die sinodale werksaamheid sake teruggee (afwentel) aan die gemeentes en slegs aktiwiteite behou wat die plaaslike kerke saamstem hulle nie alleen kan doen nie of graag gesamentlik sou wou doen. Die klem is dus op gemeenskaplike belang.

Die behoefte aan ondersteuning, leer van mekaar, ensomeer sou moontlik deur die sinodale verhoudingsaksies opgevang en ondervang kon word. Van hieruit sou bepaalde gemeenskaplike behoeftes tog weer kan terugvloei na sinodale werksaamheid toe. Dit is ook meer in lyn met die gedagte dat die kerkverband die plaaslike kerk versterk in sy kerkwees (versterk is iets anders as dien).

Die rol wat die sinode as vergadering hier kan speel, sal altyd beperk bly. Daarom is dit juis belangrik om die rol van die kerkverband en die moontlikhede wat dit bied (ringe, ander aksies binne kerkverband, ens.) te ontgin en te benut sodat behoeftes wat gemeentes het **buite die sinodale struktuur om** opgevang kan word.

3.7. Die verantwoordelikheid en selfstandigheid van die plaaslike kerk.

Die sinodale kerkverband of sinodevergadering sal nie die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeentes kan oorneem nie. Dit bly die primêre gestalte van die kerk in die wêreld. Plaaslike gemeentes kan nie sake wat hulle aanpak, afskuif op die "sinode" nie, of dit waartoe hulle hulle sinodaal verbind het, skielik wil opsê omdat dit moeilik gaan in die gemeente nie. Die verbintenis tot die sinodale kerkverband bly in daardie sin netso belangrik soos enige werksaamheid wat die gemeente plaaslik aanpak en hierdie verskillende aspekte van die kerk behoort nie teenoor mekaar afgespeel te word nie.

3.8. Sentralisasie vs desentralisasie.

Die sinodevergadering kan vanweë sy aard nie desentraliseer nie. Die ou uitgangspunt dat slegs sake wat nie by mindere vergaderings afgehandel kan word nie, by meerdere vergaderings behandel word, moet egter steeds nougeset gehandhaaf word. (vgl. Kerkorde artikel 22 en 35).

Sinodale werksaamhede en verhoudingsmeganismes sou moontlik kon desentraliseer, afhangende van die aard daarvan.

Dit sal die huidige besinning en die pad vorentoe dien as sake wat huidiglik by die "sinode" ressorteer, maar by ringe en gemeentes hoort, afgewentel word en aan gemeentes of ringe teruggegee word. Die agenda van die sinode vergadering moet streng beperk word tot slegs sake wat daar tuishoort. Op hierdie wyse kan verhoed word dat die sinodevergadering die statuur en grootheid kry soos dit oor tyd ontwikkel het, asof alles wat die kerkverband in Natal raak by hierdie vergadering tuishoort. Dis slegs as ons self die statuur van die "sinode" terugbring tot wat dit wesenlik behoort te wees, dat die "sinode" sy regmatige (en nie alles oorheersende) plek binne die kerkverband kan vind.

3.9. Roeping.

In die lig van die prinsipieel-historiese besinning rondom die kerk en kerkverband, word 'n roeping vir die kerkverband geformuleer. Uitdrukkings of gestaltes van die kerkverband (bv. Sinodevergadering) het nie eie of ander roepings nie. Omdat hulle die kerkverband en sy roeping vergestalt, besit hulle slegs funksies in terme van die roeping.

Die roeping vir die kerkverband verwys verder nie in die formulering na "durende verhouding" nie omdat "kerkverband" juis die term is wat die durende verhouding beskryf. Die term veronderstel dus die durende verhouding.

Die **Sinodale Kerkverband** is geroep om tot eer van God en die uitbreiding van sy koninkryk, kerkwees in KZN te versterk by wyse van

- Sinodevergaderings
- Sinodale werksaamheid
- Sinodale verhoudingsaksies

Die funksie van die **sinodevergadering** is om in gehoorsaamheid aan Christus sy Hoof

- die gemeenskaplike sake van die N.G. Kerke in KZN
- op prinsipiële en verantwoordbare wyse te hanteer
- om sodoende N.G. kerkwees in die provinsie te versterk.

BRONNE:

Berkhoff H en De Jong O.J. - Geschiedenis der Kerk.
Dortse Leerreëls
Ferguson E (Ed.) 1990. Encyclopedia of Early Christianity.
Grosheide en Van Itterzon (red.)-Christelijke Encyclopedie, band 2,4,en 6.
Heick, O.W. - A History of Christian thought.
Heidelbergse Kategismus
Heyns J.A. - Die Kerk.
Kleynhans, E.P.J. - Gereformeerde Kerkreg 1.
Lake K. (translator) - Apostolic Fathers 1
Lietzmann H. - The beginnings of the Christian Church.
Nederlandse Geloofsbelydenis
Rossouw P 1979. Kerkvergaderings.
Stegmann CJJ 1985. Die Sinode – 'n Prinsipieel-kerkregtelike studie met besondere verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
Strauss Piet 1999. Die goedkeuring van kerkrade vir 'n nuwe verband in die NG Kerkfamilie (Theologia Acta – Des). & Gesprek met Prof. Piet Strauss (17/05/2002).
Van der Watt P.B. - Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 tot 1824.
Wegener G.S. - Die Lewende Kerk.

Bylae 2

PRINSIPIËLE RIGLYNE VIR DIE SUBSIDIËRING VAN GEMEENTES EN KERKLIKE WERKSAAMHEDE

1 OPDRAG

Die Werkgroep het die opdrag ontvang om Prinsipiële Riglyne op te stel wat die Sinode kan help in sy besluitneming oor subsidies.

Die drie **drywers** wat hierin belangrik geag word is:
Teologiese verantwoordbaarheid en gehoorsaamheid aan ons roeping binne die konteks van KZN.
Vermindering van sinodale subsidies.
Vermeerdering van finansiële verantwoordelikheid binne vennootskapsverhoudings.

2 BYBELS-TEOLOGIESE BEGINSEL

Die Bybel praat op verskillende plekke en maniere oor die materiële ondersteuning van mense in nood. Wanneer daar van hulp aan die armes gepraat word, word sake soos eiendomsreg, rentmeesterskap, ewewig, gesindheid van die gewer, ens. daarby betrek.
Sonder om teksgedeeltes uit te sonder, kan met reg gesê word die Bybelse beginsel is duidelik dat gelowiges wat meer besit hulle medegelowiges (en ander) in materiële nood moet ondersteun. Hierdie beginsel van ondersteuning kan natuurlik in verskillende vorme gehandhaaf word, onder andere deur die praktyk van die subsidiëring van hulpbehoewende gemeentes.

3 CIC RIGLYNE VIR SUBSIDIËRING

Teen die agtergrond van die bogenoemde Bybels-teologiese beginsel het die CIC (Committee for Inter-church Care) reeds enkele riglyne opgestel waarvolgens gemeentes binne die familie van NG Kerke voortaan gesubsidieer sal word.

3.1 Die subsidiërende en die gesubsidieerde instansies sal ‘n formele ooreenkoms met mekaar aangaan. Die konsep van ‘n glyskaal vir subsidies sal as ideaal ook hierin aangespreek word.

3.2 Die gesubsidieerde kerk / instansie moet ‘n Bedieningsplan inhandig. Hierdie Bedieningsplan bestaan uit die volgende:
- die gemeente/werksaamheid se visie (roeping)
- evaluering, terugvoering en verantwoordbaarheid oor dit wat reeds gebeur het.
- plan van aksie (wie, wat, waar, wanneer)
- begroting
- persentasie tyd wat hier gebruik word.
- moontlikheid van ander donateurs

3.3 Subsidies moet vooruit vir ‘n bepaalde tydperk goedgekeur word.

3.4 Groeiende finansiële selfstandigheid moet deel van die ooreenkoms wees.

3.5 Subsidies sal voortaan slegs aan gemeentes en nie direk vir die predikant se salaris toegestaan word nie. Waar gemeentes van die sinodale kantoor gebruik maak om salarisse te administreer, word ‘n afsonderlike ooreenkoms met die salariskantoor in Pietermaritzburg aangegaan.

3.6 Vennootskappe tussen plaaslike gemeentes behoort gesluit te word. Hierdie vennootskappe moet die opleiding en bemagtiging van gesubsidieerde gemeentes insluit sodat gemeentes uiteindelik hul verantwoordelikhede kan nakom. (Gemeentes moet toegerus word om hulle eie visie/roeping te “bemark”.)

3.7 Toepaslike aansoekvorms en prosedures moet ontwikkel word.

3.8 Kontrole en terugvoering is belangrik.

3.9 Verslae van gesubsidieerde gemeentes moet gereeld ontvang word:
- jaarliks saam met nuwe aansoeke
- in nuusbriewe
- in die Posduif.

(Verslae moet finansiële state en sendingprojekte van die gemeente insluit.)

3.10 Keerdatums vir verslae en aansoeke is nie later nie as 31 Oktober van elke jaar.

3.11 Die konteks van ‘n gemeente is altyd relevant in die toekenning van subsidies, bv.:
- die bedieningspotensiaal van die gemeente in die gemeenskap;
- per capita inkomste van die gemeenskap.

4 GEMEENTEBYSTANDSFONDS

Die reglement van die Gemeentebystandsfonds stel sekere voorwaardes en vereistes wanneer ‘n gemeente finansieel gehelp word.

4.1 Hulp word slegs verleen wanneer:
4.1.1 werklike tekorte ontstaan het (soos in ‘n geouditeerde finansiële verslag aangedui);
4.1.2 die gemeente geen fondse op belegging het nie, behalwe bona fide trustfondse wat namens ander geadministreer word.

4.2 wanneer ‘n gemeente ‘n tydelike kontantvloeiprobleem het, kan ‘n korttermynlening toegestaan word totdat ‘n besluit oor meer permanente hulp geneem kan word.

4.3 Die hulp is in die vorm van kontant, die betaling van sinodale bydraes of laerente lenings.

4.4 Aansoek om hulp moet skriftelik aan die Saakgelastigde gestuur word.
4.5 Aansoek om hulp moet vergesel wees van:

4.5.1 ‘n geouditeerde finansiële verslag van die vorige boekjaar wat deur die kerkraad goedgekeur is;
4.5.2 ‘n begroting vir die lopende boekjaar wat deur die kerkraad goedgekeur is;
4.5.3 ‘n motivering wat die volgende inligting bevat:
1 ‘n uiteensetting van die hulp wat gevra word;
2 die rede waarom die kerkraad hierdie hulp as tydelik beskou;
3 ‘n aksieplan wat aandui hoe die gemeente die tydelike probleem wil oplos;
4 ‘n aanbeveling van die Ring of Ringskommissie en Ringsfinansiële Kommissie.

5 VENNOOTSKAPPE

Die CIC het onder leiding van die SSK die konsep van vennootskappe begin ontwikkel. Vennootskappe tussen gemeentes van die NG Kerk familie op plaaslike vlak word aangemoedig om:
1 mekaar wedersyds te bemagtig en te ondersteun waar een van die vennote hulp nodig het;
2 werksaamhede op plaaslike vlak te koördineer.

Die ideaal van vennootskappe is natuurlik heelwat wyer as finansies alleen, maar finansiële ondersteuning sal deel van sodanige vennootskap wees waar dit nodig is. Huidige sinodale subsidies aan gemeentes kan selfs volledig deur ‘n goedgevestigde vennootskap oorgeneem word. Dit sal nie noodwendig ‘n besparing vir subsidiërende gemeentes meebring nie, maar slegs ‘n verskuiwing van uitgawes.

Binne kerklike kringe lê een vennootskap gewoonlik op drie vlakke. Die **primêre vennootskap** (met ‘n anker-gemeente) word op plaaslike vlak tussen twee gemeentes gesluit. Hierdie vennootskap kan wedersydse hulp met administrasie, bestuur, leierskap, toerusting, opleiding, ens. insluit. Waar subsidies betrokke is sal ‘n primêre vennootskap tussen die gesubsidieerde en subsidiërende gemeentes gesluit word. Die CIC kan as fasiliteerder optree om die vennootskap plaaslik te vestig.

Sekondêre vennootskappe ondersteun die primêre vennootskap met bepaalde projekte, asook finansieel, waar die behoefte bestaan. Een vennootskap kan dus uit meer as twee vennote bestaan, alhoewel daar altyd twee vennote in die primêre vennootskap sal wees.

Die derde vlak van ‘n kerklike vennootskap is die van ‘n ingeboude **veiligheidsnet**. Die CIC, en ander sinodale strukture, sal altyd as ‘n veiligheidsnet dien waar vennootskappe misluk.



6 GEVOLGTREKKING

Vanuit die bogenoemde riglyne kan die volgende praktiese gevolgtrekkings gemaak word, wat die Sinode kan help in sy rasionalisasiebesluite ten opsigte van subsidies. Alhoewel die beginsels van subsidie vir beide gemeentes en aksies/werksaamhede van die kerk geld, is dit nodig om in hierdie gevolgtrekking die twee uitmekaar te haal.

6.1 Gemeentesubsidies

6.1.1 Ryker lede (gemeentes) van die liggaam van Christus moet armer lede (gemeentes) ondersteun en bystaan.

6.1.2 Vanweë die groot verskil in gemeentelike inkomste (en potensiële inkomste) sal daar altyd ‘n mate van subsidiëring binne die NG Kerk familie in KZN wees.

6.1.3 Finansiële ondersteuning moet altyd deel van ‘n wyer samewerkings- en ondersteuningspakket wees en behoort nooit op sy eie te staan nie.

6.1.4 ‘n Direkte lyn van subsidiëring (bv. via vennootskappe) is altyd beter as ‘n indirekte subsidiëring (bv. via sinodale strukture).

6.1.5 ‘n Verandering van subsidielyne beteken nie noodwendig ‘n besparing vir gemeentes nie.

6.1.6 Die ideaal van selfstandigheid mag nooit deur subsidies in gedrang kom nie.

6.1.7 Subsidies aan selfstandige gemeentes is altyd as ‘n tydellike (nood)maatreël gesien.

6.2 Kerklike werksaamhede

6.2.1 ‘n Kerk behoort trots te wees op werksaamhede wat hyself tot stand gebring het. (Dit geld ook vir kerkplanting.)

6.2.2 Eie werksaamhede behoort altyd voorrang te geniet bo werksaamhede van ander kerke wat ook finansieel ondersteun word.

6.2.3 Sekere werksaamhede (bv. barmhartigheidsdiens) sal nooit finansieel onafhanklik raak nie, omdat daar nie inkomstemoontlikhede is nie.

6.2.4 NG Kerk werksaamhede kan ook ekumenies ondersteun word.

6.3 Algemeen

6.3.1 Verantwoordbaarheid is deurlopend noodsaaklik. Alle gesubsidieerde instansies moet verslag doen oor die aanwending van fondse.

6.3.2 Ooreenkomste moet bindend wees vir beide partye.

6.3.3 Subsidies moet altyd so koste-effektief as moontlik gegee en aangewend word.

6.3.4 Wanneer afskalings moet plaasvind, moet dit so bestuur word dat dit die minste moontlike werksverlies en finansiële skade bring.

.....